# Best Books Studiewerkgids vir AFRIKAANS

BEST BOOKS

2016/03/18 2:05 PM

# *Fiela se kind – die drama*

## vir

## Graad 12 Eerste Addisionele Taal

**Saamgestel deur**

**Junaid Anthony**

BEST BOOKS

Fiela se kind.indb 3 2016/03/18 2:05 PM

# Inhoudsopgawe


**Hoe om hierdie studiewerkgids te gebruik** 1

**Biografie: Dalene Matthee** 2

**Voorwoord deur Frans Swart/Lefra Produksie oor die teaterproduksie** 3

**Agtergrond van en aanloop tot *Fiela se kind – die drama*** 5

**Die geskiedenis van Suid-Afrika waarop *Fiela se kind – die drama* gegrond is** 5

**1. Wat is 'n drama?** 5

**2. Die bou van 'n drama** 6

**3. Opsommings van elke bedryf en kontekstuele vrae** 7

**Die eerste bedryf (bl. 42–66)** 7

3.1. TONEEL 1 (bl. 42–46) 7

- 3.1.1. Elias se monoloog (bl. 42) 7
- 3.1.2. Lukas is weg (bl. 42–44) 11
- 3.1.3. Die mans help soek (bl. 44–46) 13

3.2. TONEEL 2 (bl. 46–57) 17

- 3.2.1. Die Komoetie-gesin se lewe (bl. 46–48) 17
- 3.2.2. Die sensusmanne daag op (bl. 49–51) 21
- 3.2.3. Benjamin maak sy verskyning (bl. 51–55) 25
- 3.2.4. Die sensusmanne vertrek (bl. 56–57) 29

3.3. TONEEL 3 (bl. 57–59) 31

- 3.3.1. Die Van Rooyens (bl. 57–58) 31
- 3.3.2. Die nuus van die magistraat op Knysna (bl. 58–59) 33

3.4. TONEEL 4 (bl. 59–66) 36

- 3.4.1. Oggend in die Komoetie-huis (bl. 59–60) 36
- 3.4.2. Die sensusmanne kom haal vir Benjamin (bl. 60–62) 38
- 3.4.3. Benjamin moet Knysna toe gaan (bl. 62–66) 40

**Die tweede bedryf (bl. 67–90)** 44

3.5. TONEEL 1 44

- 3.5.1. In die magistraat se kantoor (bl. 67–69) 44

3.6. TONEEL 2 (bl. 69–77) 47

- 3.6.1. Benjamin as Lukas by die Van Rooyens (bl. 69–70) 47
- 3.6.2. Lukas en Nina (bl. 70–74) 49
- 3.6.3. Elias, Barta en die kinders se rol (bl. 75–76) 53
- 3.6.4. Lukas probeer wegloop (bl. 76–77) 56

3.7. TONEEL 3 (bl. 77–80) 59

- 3.7.1. Fiela daag by die magistraat se kantoor op (bl. 77–78) 59
- 3.7.2. Fiela praat met die konstabel (bl. 79–80) 62

3.8. TONEEL 4 (bl. 80–83) 65

- 3.8.1. Elias vind vir Lukas in die Bos (bl. 80–82) 65
- 3.8.2. Elias sny Nina se hare af (bl. 82–83) 66

3.9. TONEEL 5 (bl. 83–84) 68

3.9.1 Fiela is terug by die huis (bl. 83–84) 68

3.10. TONEEL 6 EN 7 (bl. 84–90) 71

3.10.1. Fiela en die magistraat (bl. 84–87) 71

3.10.2. Die boswagter besoek die Van Rooyens (bl. 87–89) 74

3.10.3. Fiela besoek die Van Rooyens (bl. 89–90) 77

Die derde bedryf (bl. 91–116) 79

3.11. TONEEL 1 (bl. 91–97) 79

3.11.1. Nina gaan werk op die dorp (bl. 91–93) 79

3.11.2. Nina loop van haar werk af weg (bl. 93–95) 81

3.11.3. Lukas kry vir Nina (bl. 95–97) 84

3.12. TONEEL 2 (bl. 97–103) 89

3.12.1. Lukas en Kaliel (bl. 97–100) 89

3.12.2. Nina besoek vir Lukas (bl. 100–101) 93

3.12.3. 'n Boodskap van Wolwekraal (bl. 101–103) 96

3.13. TONEEL 3 (bl. 103–109) 99

3.13.1. Benjamin kom in die Lange Kloof aan (bl. 103–104) 99

3.13.2. Fiela en Selling is bekommerd oor Benjamin (bl. 105–106) 101

3.13.3. Benjamin vra vir Fiela oor sy herkoms (bl. 106–109) 103

3.14. TONEEL 4 (bl. 109–110) 108

3.14.1 Lukas is terug in die Bos (bl. 109–110) 108

3.15. TONEEL 5 (bl. 111–112) 110

3.15.1 Lukas is terug op die dorp (bl. 111–112) 110

3.16. TONEEL 6 (bl. 112–114) 112

3.16.1 Lukas is terug in die Bos (bl. 112–114) 112

3.17. TONEEL 7 (bl. 114–116) 115

3.17.1 Die brief aan Benjamin (bl. 114–116) 115

3.18. TONEEL 8 (bl. 116) 117

3.18.1 Lukas verlaat Mister Benn (bl. 116) 117

4. Karakters 120

5. Simbole 123

6. Kenmerkende aspekte van 'n drama 124

7. Letterkundeterme 125

8. Konsepvraestel 127

9. Bibliografie 131

10. Lys van karakters in die teaterproduksie 132

## 3. Opsommings van elke bedryf en kontekstuele vrae

# Die eerste bedryf (bl. 42–66)

## TONEEL 1

### DEEL 1: Elias se monoloog (bl. 42)



Elias tydens sy monoloog

**MOEILIKE WOORDE**

**steier** – *scaffold*

**snuif** – *sniffing (Die kinders ly aan die snuif.)*

**nattigheid** – *dampness*

**onrustig** – *worried*

**ergernis** – *annoyance*

**verkwansel** – *sell*

**liksens** – *license*

**UITDRUKKINGS**

**Ek is gedaan.** *(I am exhausted.)*

**Ek sal moet vorentoe dink.** *(I have to think of the future.)*

**OPSOMMING**

Dit is 'n woudtoneel en vorm deel van die eksposisie. Die boshuis is links. Ons sien ook die mis hang dig oor die Bos.

Elias voer 'n monoloog waarin hy meer van sy gesin vertel. Wanneer sy vrou, Barta, op die toneel verskyn, maak Elias asof hy baie besig is. Die gehoor/leser kry dadelik die idee dat hy lui en agterbaks is.

Ons leer ook wat Elias se wens vir hom en sy gesin is.

**SUMMARY**

A forest scene that forms part of the exposition. *The "boshuis" is to the left. We also notice thick mist hanging over the Forest.*

Elias gives a monologue and tells us about his family. *When his wife, Barta, appears, he pretends to be very busy. The audience/reader gets the idea that he is lazy and cunning.*

We also become aware of his dream for himself and his family.

## Kontekstuele vrae

1. **Skryf die regte antwoord in die oop spasie. Die woudtoneel in die inleiding is deel van die ________________________.**

   A. **krisis**

   B. **klimaks**

   C. **motoriese moment**

   D. **eksposisie** (Vlak 3) (1)

   Write the correct answer in the given space. The forest scene in the introduction forms part of the ________________________.

   A. crisis

   B. climax

   C. motoric moment

   D. exposition

2. **Waarom word daar op die mis gefokus?** (Vlak 3) (1)
   Why is the focus on the mist?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

3. **Wat is Elias se lewensfilosofie?** (Vlak 1) (1)
   What is Elias' outlook on life?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

4. **Hoe ervaar Elias die Bos?** (Vlak 1) (1)
   How does Elias experience the Forest?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

5. **Wat is fout met die Van Rooyens se kinders?** (Vlak 1) (1)
   What is wrong with the Van Rooyen children?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

6. **Verduidelik waarom die kinders chronies siek bly.** (Vlak 2) (1)
   Explain why the children are chronically ill.

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

7. **Kyk na die volgende uittreksel uit Elias se monoloog.**
   Read the following extract from Elias' monologue.

   **"Ek sal êrens 'n paar ou sinkplate in die hande moet kry."**

   **Gee 'n kritiese evaluering van Elias se karakter.** (Vlak 4) (2)
   Critically evaluate Elias' character.

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

8. **Wat lei jy af uit Elias se optrede wanneer hy Barta hoor aankom?** (Vlak 3) (2)
What do you conclude about Elias' behaviour when he hears Barta coming?

9. **Hoe voel Barta wanneer sy na Lukas vra?** (Vlak 1) (1)
How does Barta feel when she asks about Lukas?

10. **Waarom, dink jy, fokus die dramaturg juis hier op Barta se onrustigheid oor Lukas?** (Vlak 3) (2)
Why, do you think, does the playwright focus on Barta's restlessness over Lukas at this point?

11. **Beskryf Barta soos Elias haar sien.** (Vlak 1) (1)
Describe Barta as seen by Elias.

12.
12.1 **Vir wie wil Elias kry om hom te help balke saag?** (Vlak 1) (1)
Whom does Elias want to help him cut beams?

12.1 **Hoekom wil Elias hê hy moet kom help?** (Vlak 1) (1)
Why does Elias want his assistance?

13. **Waarom gebruik Elias nie sy eie kinders om hom te help nie?** (Vlak 3) (1)
Why does Elias not use his own children to help him?

14. **Hoekom besluit Elias om nie dié persoon te gebruik nie?** (Vlak 1) (1)
Why does Elias decide against using this person?

15. **Hoe dink Elias kan jy ryk word in die Bos?** (Vlak 1) (1)
How, according to Elias, can you grow rich in the Forest?

16. **Waarom het Elias nog nie olifante begin jag nie?** (Vlak 2) (1)
Why has Elias not started hunting elephants yet?

17. **Dink jy dit is reg dat mense jag maak op diere vir eie gewin? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord.** (Vlak 5) (2)
Do you think it is acceptable for people to hunt animals for personal benefit? Answer YES or NO and motivate your answer.

18. **Wat kan die regering doen om onwettige jag op diere stop te sit? Verskaf TWEE voorstelle.** (Vlak 5) (2)
What can the government do to stop illegal hunting of animals? Make TWO suggestions.

19. **Watter probleem sou Elias ervaar as hy die geld het om 'n geweer en koeëls te koop?** (Vlak 1) (1)
What problem would Elias experience if he had the money to buy a shotgun and ammunition?

20. **Hoekom wil Elias self aan die skepe gaan verkoop?** (Vlak 1) (1)
Why does Elias prefer to supply directly to the ships?

21. **Waarom sal die houtkopers Elias wil keer om ivoor direk aan die skepe te verkoop?** (Vlak 1) (1)
Why would the wood buyers prevent Elias from selling ivory directly to the ships?

**Post-lees: Die dagboekinskrywing**

Elias het nog wense en drome wat hy wil verwesenlik.

Net soos Elias het jy ook wense en drome vir jou toekoms. Skryf in jou dagboek wat jou drome en wense is en wat jou vrese vir die toekoms is.

## Ander notas:

# *Verskuns vir Graad 12*
# *Eerste Addisionele Taal*

**Saamgestel deur**

**Riens Vosloo**

**Rina Lamprecht**

**Alicia van der Spuy**

Verskuns studiewerkgids Gr 12 EAT.indb 3 2016/04/21 10:25 AM

# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| **Voorwoord** | **1** |
| **Inleiding tot die poësie** | **2** |
| **Gedigontledings** | **6** |
| **Aucamp, Hennie** | **6** |
| *Son en Maan* | 6 |
| **Breytenbach, Breyten** | **9** |
| *Die tweegeveg* | 9 |
| *(windroos)* | 12 |
| **Celliers, Jan F. E.** | **16** |
| *Dis al* | 16 |
| **Cloete, T.T.** | **19** |
| *Luisterswaeltjies* | 19 |
| **De Jager, Dawie** | **22** |
| *Rondom my* | 22 |
| **De Lange, Johann** | **24** |
| *Palimpses* | 24 |
| **Deacon, Thomas** | **27** |
| *Droogte in Namakwaland* | 27 |
| *Vlug* | 30 |
| **Du Plessis, Clinton V.** | **34** |
| *papegaai* | 34 |
| **Du Plessis, Hans** | **36** |
| *Tien haikoes vir die Vredefortkoepel* | 36 |
| **Eybers, Elisabeth** | **40** |
| *Huiskat* | 40 |
| *Krisis* | 43 |
| **Fagan, H.A.** | **46** |
| *Ek het 'n huisie by die see* | 46 |
| **Goosen, Jeanne** | **49** |
| *die dag op nuweland* | 49 |
| **Greyling, Franci** | **52** |
| *Reiniging?* | 52 |
| **Joubert, Marlise** | **56** |
| *boekmerk* | 56 |
| **Korf, Kobie** | **59** |
| *'n Mite* | 59 |
| **Krige, Uys** | **63** |
| *Ken jy die see . . .* | 63 |
| **Krog, Antjie** | **67** |
| *pryslied* | 67 |
| *Wetenskapmannetjies* | 71 |


**Laing, Suzaan** **75**
*Eksamenlokaal* 75
**Marais, Eugène N.** **78**
*Die dans van die reën* 78
**Nel, Philip** **81**
*Die heks van Hexrivier* 81
**Opperman, D.J.** **84**
*Ballade van die Grysland* 84
*Klara Majola* 88
*Sproeireën* 92
**Philander, P.J.** **95**
*Haar uitvaart* 95
**Pretorius, Rudolph** **97**
*In liefde se skadu* 97
**Pretorius, S.J.** **100**
*Hanswors* 100
**Smith, Susan** **103**
*geen respekte* 103
*hartbreek* 106
*Ouveldstorie van die Khoikhoi* 109
**Snyders, Peter** **113**
*Die boodskapper* 113
**Sontonga, Enoch en Langenhoven, C.J.** **116**
*Volkslied van Suid-Afrika* 116
**Stander, Carina** **118**
*dakloos* 118
*kleurblind* 122
**Strauss, Pieter** **124**
*Die nuwe kind* 124
**Swart, Corlietha** **127**
*Lyndans* 127
**Van Aswegen, Marita** **130**
*By die robot in Eerstelaan* 130
**Van den Heever, Toon** **134**
*In die Hoëveld* 134
**Van den Heever, Ernst** **137**
*Die hardloper* 137
**Viljoen, Fanie** **140**
*Status update* 140
**Visser, A.G.** **142**
*Die ruiter van Skimmelperdpan* 142
**Formele assessering: Toetse** **146**
**Gedigvertalings: Engels** **160**
**Bronnelys** **184**

# Breytenbach, Breyten

## (windroos) (Verskuns, bl. 6)

### Die gedig in konteks

Breyten Breytenbach is in 1939 in die dorp Bonnievale in die Wes-Kaap gebore. Hy het na sy studies aan die Universiteit van Kaapstad in Europa gaan woon, waar hy in Parys met die Viëtnamees gebore (*born*) Franse vrou, Ngo Thi Hoang Lien (Yolande), getroud is. Hulle huwelik is as onwettig in Suid-Afrika beskou kragtens die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike 55 van 1949. Hulle kon daarom nie saam na Suid-Afrika toe kom nie.




Breytenbach is in 1975 tot tronkstraf gevonnis weens hoogverraad (*treason*).

Hy is ook bekend as 'n skilder en sy poësie is vol visuele simboliek. Hy gebruik byvoorbeeld in hierdie gedig motiewe (*motifs*) wat dui op (*indicate*) reis: die water en die boot. Hy gebruik ook die duif as simbool van vryheid. In hierdie gedig is sprake van 'n outydse seilboot. Ons weet dus dat die reis stadig sal wees.

'n Mens kan op verskillende reise gaan. Ons gaan op fisieke reise, maar ook op geestelike (*spiritual*) reise. Hierdie gedig vertel van die voorbereiding (*preparation*) vir 'n reis saam met 'n geliefde (*loved one*). Daar is groot afwagting (*expectation*) by die spreker. Die spreker sê duidelik dat hulle "huis toe" gaan. Dit lyk dus asof hulle in 'n ander land gewoon het en op pad is na hulle eie land. Dit is daarom dat hulle so opgewonde is.

Hulle berei vir die reis voor deur voorraad (*provisions*) op te laai ("vaatjies vars water"; "lemoene my pype die blomme die brood" en deur die boot waterdig te maak. Alles dui daarop dat hulle gereed is om te vertrek. Ongelukkig het hulle geen manier om die boot by die huis te kry nie, want hulle het nie water waarop hulle kan seil nie – hulle moet nog die see in die hande kry ("kry nou net nog enige ou see").

Reis is dikwels 'n teken van die laaste reis wat elke mens moet aanpak (*undertake*), naamlik die lewensreis op pad na die dood. Die onsekerheid van hierdie reis dui daarop dat dit moontlik gaan oor so 'n reis, want niemand weet wat na die dood gebeur nie. Die gedig is op 'n tweede betekenislaag geanaliseer. Verskillende interpretasies van die gedig is moontlik.

### Ontleding

#### Begrippe

| | |
|---|---|
| **alliterasie** (*alliteration*) | Alliterasie is die herhaling van konsonante kort na mekaar. Dit word gebruik om 'n gedig deur klank saam te bind (*tie together*), bv. "vaatjies vars water" (versreël 7); "nou net nog" (versreël 20). Die klank in hierdie gedig is baie belangrik. Aanvanklik (*initially*) word baie **a**-klanke gebruik, wat die opdragte baie dringend maak. Die **w**- en **v**-klanke gee 'n weemoedigheid (*sadness*) aan die gedig. |
| **assonansie** (*assonance*) | Assonansie is die herhaling van vokaalklanke (*vowels*) kort na mekaar: "en op die d<u>aa</u>d g<u>aa</u>n ons " (versreël 3). Die herhaling van die **aa**-klank is dus assonansie. |

| | |
|---|---|
| **herhaling**<br>(*repetition*) | Herhaling in 'n gedig is funksioneel. Dit kan gebruik word om die gedig saam te bind sodat dit 'n eenheid (*unit*) vorm, of om 'n idee te beklemtoon. In hierdie gedig weet ons dat die woorde "vandag" (versreël 2 en 17), "hang die wit seile uit geliefde" (versreël 1 en 13), "versigtig versigtig" (versreël 6) en "huis toe" (versreël 4 en 19) belangrik is, omdat dit herhaal word. |
| **ironie**<br>(*irony*) | Die teenoorgestelde (*opposite*) word gesê as wat bedoel word. Dikwels spottend (*tongue-in-cheek*). Die gedig is ironies, omdat daar voorberei word vir 'n reis, maar die reis is 'n verbeeldingsreis. |
| **letterlik**<br>(*literal*) | Dit verwys na die werklike betekenis van die woord. Wanneer daar na "seile" verwys word, kan dit letterlik seile beteken. |
| **figuurlik**<br>(*figurative*) | Dit verwys na die geïmpliseerde (*implied*) betekenis van die woord. Die reis waarvan hier gepraat word, kan ook as die reis na die dood beskou word. |
| **motief**<br>(*motive*) | 'n Motief is 'n tema wat herhaaldelik voorkom. Breytenbach gebruik dikwels motiewe wat op vryheid en die liefde dui. |
| **simbool**<br>(*symbol*) | 'n Simbool is 'n fisieke voorwerp wat 'n begrip verteenwoordig. Die duif in hierdie gedig kan as 'n simbool van vryheid gesien word. |
| **wending**<br>(*turn/twist*) | Die wending beteken dat daar 'n draaipunt in die gedig kom. Dinge is besig om te verander. |

## Uiteensetting

| | |
|---|---|
| **Tema** | Om terug te gaan na 'n verbeelde huis toe, na die vaderland toe/moontlik die reis na die dood. |
| **Stemming** | Nostalgies (*nostalgic*), weemoedig (*sad*) |
| **Bou** | **Uiterlike bou:** Dit is 'n vrye vers met geen vaste strofebou, rymskema of ritme nie.<br>**Innerlike bou:** Die eerste drie strofes handel oor die voorbereiding vir die reis. In die vierde strofe is daar 'n wending of 'n verandering. Hier word die leser bewus daarvan dat die reis 'n simboliese reis is, want die see bestaan nie. |
| **Titel** | Die titel sê vir ons dat dit oor 'n reis gaan. 'n Windroos is 'n soort kompas waarmee seevaarders lank terug windrigting bepaal het. Ons weet dus dat die spreker op 'n letterlike vlak van 'n outydse reis praat, want hulle gebruik outydse instrumente. Die titel is tussen hakies, wat dit 'n tentatiewe betekenis gee, asof die spreker onseker is. |
| **Strofe 1** | Strofe 1 bestaan uit vier versreëls. Daar is nie 'n vaste rympatroon nie, maar die klank van die woorde help om die strofe 'n eenheid te laat vorm. Die kort en lang **a**-klank word baie herhaal: "hang"; "vandag"; "dag"; "later"; "daad"; "gaan".<br>**Assonansie:** "op die daad gaan ons" (versreël 3). Dit is 'n harde klank wat die dringendheid (*urgency*) beklemtoon.<br>Die woorde "huis toe" (versreël 4) staan alleen ter wille van beklemtoning (*emphasis*). Die spreker beklemtoon die feit dat hulle op pad huis toe is.<br>Daar is geen leestekens nie, wat aan die gedig 'n soberheid (*austerity*) en 'n eenvoud verleen.<br>Die "geliefde" word in hierdie strofe aangespreek. Die spreker praat ook van "ons". Hy wil dus sê dat hulle die reis saam sal aanpak.<br>Die kleur wit word dikwels ook gesien as 'n kleur van vrede/onskuld. Dit word dus 'n simbool van vrede/onskuld. |

# Inleiding tot die poësie

## Hersien poëtiese begrippe

| | | |
|---|---|---|
| **alliterasie** (*alliteration*) | *The repetition of consonants in words near one another, often successive words, especially at the beginning of stressed syllables.* | Wanneer dieselfde konsonant in opeenvolgende woorde of woorde naby mekaar herhaal word, veral aan die begin van beklemtoonde lettergrepe. *Voorbeeld*: Hy stap sonder sy skoene. |
| **assonansie** (*assonance*) | *The repetition of vowel sounds.* | Wanneer dieselfde vokaalklank in woorde kort na mekaar herhaal word. |
| **atmosfeer/ stemming** (*mood/ atmosphere*) | *Mood/atmosphere refers to the feelings or emotions that are evoked through the use of certain words or descriptions.* | Die gevoel of emosie wat by die leser gewek word deur die gebruik van sekere woorde of beskrywings. 'n Gedig se atmosfeer kan byvoorbeeld vrolik, hartseer of ernstig wees. |
| **beeld** (*image*) | *The picture formed by the reader in his mind.* | Die leser vorm 'n gedagteprentjie van hoe hy dink iets lyk. |
| **beeldspraak** (*figurative/ metaphorical language*) | *When you describe something by comparing it with something else. Includes figures of speech such as personification, metaphor and simile.* | Figuurlike taalgebruik – die digter verduidelik of beskryf iets deur dit met iets anders te vergelyk/'n prentjie of beeld te gebruik. Soorte beeldspraak: vergelyking, metafoor en personifikasie |
| **digter** (*poet*) | *A poet writes a poem.* | Die persoon wat 'n gedig skryf. |
| **elisie** (*elision*) | *The omission of a sound or letter in a word.* | Elisie is wanneer klanke of letters in 'n woord weggelaat word. 'n Afkappingsteken word gebruik in die plek van die klank wat weggelaat is, byvoorbeeld: *g'n* in die plek van *geen*. |
| **ellips** (*ellipsis*) | *In poetry, ellipsis is used to indicate a pause, hesitation or unfinished thought; it prompts the reader to finish the thought by using his imagination. Three full stops (. . .) are generally used to indicate ellipsis.* | Ellips word gewoonlik deur drie punte (. . .) voorgestel. Ellips word in gedigte byvoorbeeld gebruik om 'n pouse, huiwering/onsekerheid of gedagte wat nie klaar is nie, aan te dui; dit lok die leser uit om die gedagte klaar te maak deur sy verbeelding te gebruik. |
| **enjambement** (*enjambment*) | *Moving from one line to another without a punctuation mark or pause.* | Een versreël loop sonder punktuasie of pouse oor in 'n ander. Dit maak die gedig vloeiend. Dit kan die tempo van 'n gedig vinniger of stadiger maak. |
| **enumerasie** (*enumeration*) | *Naming things one after the other in a list.* | Die opnoem van dinge of elemente. Die spreker maak 'n lys van die items. |
| **figuurlike taal** (*figurative language, connotation*) | *Refers to associations called up by a word that go beyond its dictionary meaning.* | Beelde word gebruik om iets te sê. 'n Woord het dus 'n wyer betekenis. As iemand sê "Nou sit ek met die gebakte pere", verwys dit na die feit dat die persoon nou ander mense se moeilikheid geërf het. Ons kry dit in metafore, vergelykings, personifikasie en idiomatiese uitdrukkings. |

# *Verskuns vir Graad 10*
# *HUISTAAL*

# Inhoudsopgawe

**Voorwoord**

**Inleiding tot die poësie**

**Gedigontledings**

***Barnard, Elmé*** – *Thumela*

***Boerneef*** – *Dit spook hier woes met nuwemaan*

***Breytenbach, Breyten*** – *Allerliefste, ek stuur vir jou 'n rooiborsduif*

***Castelyn Eveleen*** – *Hansie en Grietjie*

***Coetzee, Adriaan*** – *laat die kind kom*

***Coetzer, Corné*** – *Kombuis*

***Coetzer, Toast*** – *plaasroman 11*

***Conradie, Elizabeth*** – *gebed vir die mens*

***De Lange, Johann*** – *Google Golgota*
*Marilyn Monroe: foto buite beeld*

***Du Plessis, I.D.*** – *Rietfontein*

***Du Plessis, Koos*** – *Sprokie vir 'n stadskind*

***Du Toit, S.J.*** – *Die elwekoning*

***Esterhuizen, Louis*** – *By die eeuwending*
*duifgrys, die liefde*

***Eybers, Elisabeth*** – *Busrit in die aand*

***Fagan, H.A.*** – *"Nkosi sikelel' i-Afrika"*

***Grundling, Erns*** – *Kuberkulose (variasie vir husse met ore)*

***Hambidge, Joan*** – *La mano de Dios*
*Michael Jackson (1958–2009)*
*Susan Boyle*

***Kennedy, Hunter*** – *monoloog in stereo*

***Leipoldt, C. Louis*** – *Wys my die plek*

***Letoit, André*** – *die son loop agter wolke deur*

***Louw, N.P. van Wyk*** – *Die beiteltjie*
*Die strandjutwolf*

***Marais, Danie*** – *Nie 'n vrye vers nie*

***Marais, Loftus*** – *Sewe reaksies op 'n seemeeugeraamte*

***Martin, Magmoed*** – *Life vannie jobless*

***Meiring, Leané*** – *Die jong digter*

***Naudé, Charl-Pierre*** – *Tuisresep*

***Oliphant, Vincent*** **–** *27 April 1994*

***Olivier, Fanie*** **–** *David de Lange*

***Opperman, D.J.*** **–** *Digter*
*Fabel*

***Opperman, John-Henry*** **–** *Balans*

***Prins, Johannes*** **–** *donker materie*

***Samuel, Andries*** – *ja*

***Small, Adam*** – *Proud ou gabou*
*Wie's hy?*

***Smith, Susan*** – *e-sonnet*

***Smits, Hilda*** **–** *Onthou, julle*

***Snyders, Peter*** **–** *Ek is oek important*

***Spies, Lina – 'n Paternoster vir Suid-Afrika***

***Toerien, Barend J.*** **–** *Steenwerp se bruinmense*

***Van der Merwe, Prevot*** **–** *netwerk*

***Van der Walt, Ansa*** – *elegie vir 'n skoolloopbaan*

***Van Heerden, Ernst*** **–** *Die gewigopteller*

***Van Niekerk, Marlene*** **–** *trapsuutjies*
*troetelwoorde vir ogilvie douglas*

***Van Rensburg, Marie*** – *My siel, Pa*

***Van Wyk, Janet*** **–** *Lya Konnokos*

***Viljoen, Fanie*** – *onthou jy?*

***Walters, M.M.*** **–** *Janfiskaal*
*Skeepsverslag: Titanic*

**Formele assessering: Toetse**

**Bronnelys**

## Johann de Lange

# Marilyn Monroe: foto buite beeld (Verskuns, bl. 24)

## Die gedig in konteks

Die gedig handel oor 'n fotoboek met privaatfoto's wat van Marilyn Monroe geneem en gepubliseer is. Volgens Johann de Lange (in *Kaapse paragrawe*) lewer sy gedigte oor Monroe, wat op foto's gebaseer is, kommentaar op die ontmensliking van reproduksie en die onverskilligheid teenoor die mens agter die persoon.



© **Corpus Christi Caller-Times, 'n foto van Associated Press**

## Ontleding

### Uiteensetting

| | |
|---|---|
| **Titel** | Die titel dui daarop dat 'n ander beeld van Marilyn Monroe deur haar foto's geskep word. Die foto's is van buite haar openbare beeld, van waar sy ontspan het. In die bundel, *Vaarwel my effens onbevlekte held*, waarin hierdie gedig ook gepubliseer is, is die subtitel van die gedig, "'n optelgedig". Dit herinner aan die woord "optelgoed" waarvoor daar baie interpretasies kan wees: die gedig is die terloopse mening van iemand wat haar nie geken het nie; die spreker het 'n paar goed raakgesien en dit bymekaargesit (opgetel); Marilyn Monroe is deur mense misbruik. |
| **Bou** | Strofe 1–8 bestaan uit vyf versreëls elk terwyl die laaste strofe uit drie reëls bestaan. Dit is 'n vrye vers. |
| **Klankeffekte** | Daar kom nie 'n vaste eindrympatroon voor nie. |
| **Strofe 1** | Marilyn Monroe word as "ongestorwe" (**r. 1**) beskou, wat beteken sy leef voort in wat daar oor haar geskryf word na haar dood. Die feit dat daar na Monroe as die "silwerdoek-legende" (**r. 2**) verwys word, word deur die alleenplasing van dié woord beklemtoon.<br>Die woord "bloot-"(gestel) in **r. 3** sluit by die inhoud van die fotoboek aan; Marilyn Monroe se private en weerlose oomblikke word aan die publiek bekendgestel.<br>Die gebruik van die ampersand (&) in r. 3 (en ook in r. 15) is opvallend en lyk amper soos 'n wiskundige formule.<br>Die woord "vrygestel" (**r. 3**) sluit by die woord "silwerdoek" in **r. 2** aan – flieks/rolprente word vrygestel. Die plek waar die fotoboek vrygestel word, kom in r. 4 en 5 voor. |

| | |
|---|---|
| **Strofe 2** | Die sin wat in strofe 1 begin, loop oor na strofe 2. Die woord "gekiek" (**r. 6**) sluit aan by die fotograaf wat foto's neem, "Sam Shaw" (r. 6) wat ook as 'n "vriend" (r. 6) van Monroe beskryf word. Dat dié vriend geld verdien (r. 41 en 42) met foto's wat in persoonlike oomblikke geneem is, staan in teenstelling met wat gewoonlik van 'n "vriend" (r. 6) verwag word.<br>Die akuutaksent op die woord "Dié" (r. 7) bepaal watter foto's ter sprake is.<br>Die woord "glo" (r. 7) dui op twyfel of daar wel gelukkige tye was (r. 7 en 8).<br>Die dubbelpunt aan die einde van r. 8 dui daarop dat dié gelukkige tye waarvan foto's in die fotoboek verskyn, in die daaropvolgende versreël 9 tot 12 genoem word. Dié foto's getuig van 'n romantiese tyd (r. 9 en 10) en die alledaagse eet van 'n "hot dog" (r. 11 en 12) saam met haar (derde) man. |
| **Strofe 3** | In kontras met die gelukkige foto's word die ongelukkige lewe van Monroe in r. 13–15 deur die spreker genoem. |
| **Strofe 4** | In hierdie strofe word die persoonlike aard van die foto's met die woorde "intiem" (r. 16) en "buite beeld" (r. 17) aangedui. Die woord "sereen" (r. 19) word tussen aanhalingstekens in die gedig geplaas en saam met die parentese in r. 20, is die implikasie dat Monroe nie altyd sereen (kalm) voorgekom het nie. |
| **Strofe 5** | Reël 20–22 verwys na Monroe se huwelik met Arthur Miller en sluit by r. 9 tot 12 aan.<br>Die holruggeryde uitdrukking dat Monroe as 'n "uitgebrande ster" (r. 24) beskou word, staan in kontras met r. 25 en 26 en r. 9–12. |
| **Strofe 6** | Sekerlik een van die bekendste foto's wat van Monroe geneem is, kom uit die fliek *The Seven Year Itch* (r. 28). In die foto staan Monroe op die plek waar die ventilasieskag van 'n moltreinstasie warm lug uitblaas en in die proses word haar rok opgewaai.<br>Die lug word gepersonifieer asof dit 'n "sug" (r. 30) is. |
| **Strofe 7** | Monroe se woorde in r. 32 en 33 dui daarop dat sy Arthur Miller (haar man daardie tydperk) belangriker as haar films en filmloopbaan ag: "Arthur is my lewe" (r. 33).<br>Die woorde "totale afwesigheid" (r. 34) beklemtoon dat slegs foto's die beeld van Monroe oordra.<br>In r. 35 is die gebruik van die woord "alles" hiperbolies aangesien daar nog sake van Monroe is waaroor onsekerheid bestaan en waaroor geskryf kan word. |
| **Strofe 8** | Die persoonlike aard van die foto's word in r. 37 en 38 beklemtoon en dié woorde sluit by "Marilyn buite beeld" (r. 17) en r. 9 tot 12 aan. Dit kontrasteer met r. 13–15. Die ongelukkigheid wat nie in die foto's weerspieël word nie, word met die woorde "Die res het weggeval" in r. 40 en 41 aangedui. |
| **Strofe 9** | In die slotstrofe is die implikasie dat die uitgewer genoeg geld uit Monroe se foto's gaan verdien en is die uitgewer dankbaar dat daar genoeg papier vir die bestellings aangekoop is. |
| **Tema** | Die weerloosheid van 'n beroemde figuur wat uitgebuit word vir finansiële gewin, ook deur haar vriende. |

## Kontekstuele vrae

1. Waarna verwys die gedig se titel?

______________________________

2. Haal bewyse uit die teks aan dat Marilyn Monroe "ongestorwe" (**r. 1**) is.

______________________________

______________________________

3. a. Gee die geïmpliseerde betekenis van die woord "bloot-" (**r. 3**).

   b. Skryf **een** woord neer wat in kontras met "deur die jaar" gebruik word.

4. Tree Marilyn Monroe se vriend, Sam Shaw, op soos wat 'n mens van 'n vriend verwag? Motiveer jou antwoord.

5. Haal die woord uit **strofe 2** aan wat op die twyfel van die spreker dui.

6. Watter foto's staan in teenstelling met die twyfel (vraag 5)?

7. Wat is die funksie van die dubbelpunt in **r. 8**?

8. Wie is Arthur Miller (r. 12)? Haal woorde uit **r. 32 tot 35** aan wat Monroe se gevoel vir haar man aandui.

9. Noem **drie sake** uit Marilyn Monroe se lewe wat in die gedig genoem word en wat in teenstelling staan met die foto's wat in die fotoboek verskyn.

10. Hoe sluit die woord "buiteskote" (r. 18) by die titel aan?

11. Op watter twee wyses word die sereniteit van Monroe deur die spreker bevraagteken?

12. Watter kontrasterende stemmings word in **r. 23–26** gesuggereer? Haal woorde aan om jou antwoord te bewys.

13. Benoem die beeldspraak wat in **r. 29–31** voorkom. Haal die woorde aan wat op dié beeldspraak dui.

14. Waarom, dink jy, was dit nie nodig om enige teks in die fotoboek te publiseer nie? ('n Ander antwoord as "dit is 'n fotoboek".)

15. Benoem die stylfiguur in **r. 35**. Stem jy saam met die betekenis wat aan die stylfiguur geheg word? Motiveer jou antwoord.

16. Waarom, dink jy, word die ampersand in **r. 3** en **r. 39** gebruik?

17. Waarna verwys die woorde "Die res het weggeval." (**r. 40 en 41**)?

18. Lewer kommentaar oor die gepastheid van die woorde in **r. 41–43**. Motiveer jou antwoord.

19. Wat dink jy is die tema van hierdie gedig?

## Toast Coetzer

# plaasroman 11 (Verskuns, bl. 16)

## Die gedig in konteks

Volgens Lisbé Smuts gee hierdie gedig "off-beat kommentaar op die vorm" van die gedig "Om boer te wees" van W.E.G. Louw. Die prosagedig, waarvan "plaasroman II" 'n voorbeeld is, word van 'n kort-kortverhaal onderskei deur die poëtiese beelde wat in die gedig voorkom. In 'n resensie sê Joan Hambidge dat prosagedigte die "konvensionele struktuur van die korter gedig op sy kop keer". In die prosagedig is daar nie "strofes waar rym herhaal word of ander ooglopende bindingsmiddele nie". (*Die Burger*, 12 Februarie 2007)

## Ontleding

| | |
|---|---|
| **Titel** | Die gedig "plaasroman II" se titel ("roman") gee dadelik aan die leser 'n aanduiding dat dit nie 'n "konvensionele" gedig is nie, maar dat 'n verhaal (waarin 'n plaas 'n rol speel) in die gedig deur middel van beskrywing en poëtiese beelde vertel word. |
| **Tipe gedig** | Die gedig met sy lang reëls word as 'n prosagedig ('n gedig wat 'n storie vertel) beskou. Kenmerkend aan 'n vrye vers het hierdie gedig nie 'n vaste eindrymskema nie, geen hoofletters kom in die gedig voor nie en ook nie leestekens nie. |
| **Bou** | In die gedig kan drie dele (volgens die inhoud) onderskei word.<br>• In r. 1–8 word die verhaal van die plaas aan die hand van die verskillende seisoene en die waterryke tyd beskryf.<br>• Die droogte en die gevolge van die droogte kom in r. 9–16 aan die beurt.<br>• Reël 17 begin met die woord "want", wat die wending in die gedig inlui. In r. 17–21 word die redes vir die moontlike besluit van die spreker aangetoon.<br>'n Verdere onderskeiding is dat die verskillende seisoene en droogte met die woorde "wanneer" van mekaar onderskei word en die woord "want" dui die gevolg daarvan op die spreker aan.<br>• In r. 1–8 word die seisoene somer, winter, herfs en lente op die plaas bespreek.<br>• In r. 9–16 is die droogte, wat 'n negatiewe invloed op die plaas en omgewing het.<br>• Reël 17–21 bevat die gevolge van dié negatiewe omstandighede op die spreker. |
| **Klankeffekte** | Halfrym in die vorm van **s**-alliterasie (r. 8, 9, 10, 13, 14, 20), **m**-alliterasie (r. 12) en **w**-alliterasie (r. 16) kom voor. Die gedig het nie 'n vaste eindrym nie, wat kenmerkend van 'n prosagedig is. |
| **Versreël 1–8** | Die voorspoed wat op die plaas heers, is in die seisoene, somer (r. 1 en 2), winter (r. 3 en 4), herfs (r. 5 en 6) en lente (r. 7 en 8) sigbaar.<br>Die oorvloedige voorkoms van water in die reënseisoen word met behulp van 'n metafoor ("bruin desemberwater", r. 1) en personifikasie ("rivier . . . bulder en grom", r. 2) verbeeld. Die omvang van die baie water word deur woordgebruik ("afkom", "oor klipplate", "deur matte", "oor plate biesies") beklemtoon. Gedurende die winter is sneeu ("kapok", r. 3), ysreën (r. 4) en koue mis (r. 4) deel van die ruimtelike uitbeelding op die plaas.<br>Personifikasie word gebruik om die koue wintertoestande (r. 4) aan te dui.<br>Die woord "kootsmishoek", wat in die Cradock-distrik voorkom, is vir die leser die ruimte-aanduider. |

| | |
|---|---|
| | Die herfsseisoen word veral met die gebruik van kenmerkende herfskleure, "geel" (r. 5) en "rooi" (r. 5) beskryf. Die ligte herfswinde wat waai word met die woord "ritsel" (klanknabootsing/onomatopee) suggereer.<br>Die titel "plaasroman II" skakel met die woord "werf" (r. 6). Die lente op die plaas word in r. 7 en 8 met personifikasie (die irisse wat in lentekleure glimlag) en die voorkoms van die jong tortelduiwe beskryf. |
| **Versreël 9–16** | Die spreker kom tot die gevolgtrekking dat niemand hom/haar (vir die toestand op die plaas?) vergewe nie, al werk hy/sy sy/haar vingertoppe totdat dit bloei en dat hy/sy in die nag worstel met dit wat hy/sy onthou, dit wat gebeur het.<br>Die aanduiding van die droogte wat heers, is in iemand wat by "elandsdrif" stof uitry (r. 9) sigbaar. 'n Drif is 'n vlak plek in 'n rivier waar mens en dier kan deurkom. In hierdie geval is dit so droog dat daar net stof oor is.<br>Teen die hange van die "loskop" ('n berg/kop buite Cradock) staan die aalwyne en kyk swygend (**personifikasie**), asof 'n aanklag, vir die spreker.<br>Die **vergelyking** wat in r. 10 en 11 voorkom, is dat die aalwyne soos ribbokke, bokke wat by voorkeur van berge hou, na die spreker kyk. "visier" (r. 11) kan 'n vooruitwysing na r. 20 (".357") wees, maar dit kan ook op die stipkyk van die aalwyne dui. |
| | Die droogte word ondersteun met die gedagte dat dit die bloed van die spreker se vingertoppe is wat in die grond wegsypel, eerder as water. Dit is egter ook 'n aanduiding dat die spreker se harde werk nutteloos in die droogtetoestand is.<br>**Polisindeton** ("en" in r. 10, 13, 14, 15 en 16) dra by om die omvang van die omstandighede op die plaas as gevolg van die droogte te beskryf. Die spreker maak gebruik van 'n beeld van ystervarke wat aan beendere knaag (aanhoudend byt) om die herinneringe waarvan hy/sy nie kan ontsnap nie, aan die leser oor te dra. |
| **Versreël 17–21** | Die woord "want" (r. 17) dui op die wending van die gedig terwyl "as" (r. 17) op 'n waarskynlikheid of moontlikheid dui. Die spreker besin in hierdie versreëls wat gaan gebeur as hy/sy slegs oor sekere dinge beskik, naamlik "balklepdae" (wat metafories op die waterarm tydperk dui wanneer watervloei met balkleppe beheer moet word – dit reën nie), "koeniebosstories", droë windpompe ("windpompe wat droog hoes" as personifikasie om aan te dui dat daar nie meer ondergrondse water is nie) en die "aangetaste omgewing" (droogte).<br>Die woord "dan" dui op die gevolg van die besinning in die voorafgaande reëls – die spreker sien nie enige goeie vooruitsigte ("gesiglose dag", r. 20) in sy/haar lewe nie. Die suggestie word aan die leser oorgelaat dat die spreker met 'n vuurwapen (".357", r. 20) selfmoord pleeg. |
| **Die son** | Die **personifikasie** in die beskrywing van die son, "die son sak" (r. 9) wat 'n aanduiding van die einde van die voorspoed kan wees, "twyfel die son" (r. 14) wat aansluit by die besinning van die spreker en die finale besluit van die spreker wanneer die "son swyg" (r. 20) dra tot die droewige stemming van dié prosagedig by. |
| **Tema** | Wanneer 'n mens uitgelewer is aan die natuur raak dit jou hele wese. |

## Kontekstuele vrae

1. Beskryf volledig waarna die gedig se titel verwys.

2. Waarom word hierdie gedig 'n prosagedig genoem? Dink jy dat dié naam geskik vir hierdie gedig is? Motiveer jou antwoord.

3. Watter tipe gedig, volgens die bou van die gedig, is "plaasroman II"? Motiveer jou antwoord.

4. Benoem die halfrym in **r. 9**. Wat is die funksie van dié halfrym?

5. Wie is die spreker in die gedig?

6. Noem die verskillende dele waarin die gedig inhoudelik verdeel kan word en gee kortliks die inhoud van elke deel.

7. Benoem die beeldspraak in **r. 1**. Op watter seisoen dui hierdie beeld wat geskep is?

8. Watter woord in **r. 1** en **2** dui op die krag van die water?

9. Noem die ruimte volledig waaroor die gedig handel. Motiveer jou antwoord met aanhalings uit die teks.

10. Benoem en bespreek die stylfiguur wat in **r. 5** en **6** voorkom.

11. Watter stemming skep die personifikasie in r. 7? Haal woorde uit **r. 9** en **10** aan wat met die beeldspraak in r. 7 kontrasteer.

12. Watter verwagting skep die naam "elandsdrif" (r. 10)? Voldoen **r. 10** tot **16** aan hierdie verwagting? Motiveer jou antwoord en haal uit die gedig aan om jou motivering te ondersteun.

13. Waarom, dink jy, "vrek die skape" (**r. 14**) juis op die grenslyne?

14. Verduidelik die metafoor in **r. 15** en **16** in jou eie woorde.

15. Waarop dui die woord "balklepdae" (**r. 17**)?

16. Waaroor besin die spreker in **r. 15** tot **19**?

17. Pas die beeldspraak in **r. 18** by die gedig? Motiveer jou antwoord.

18. Bespreek hoe die beeldspraak van die son by die besinning van die spreker aansluit.

# Gedigvertalings: Engels

## Sun and Moon

A San myth

The Sun is full and round
and sound throughout the year,
the Moon is pale and sickly
and only sometimes round.

The Sun is bitterly jealous
and hollows out the full moon
until later only a tiny sliver remains:
a silver flat-bottomed boat.

The Moon pleads with anxious voice:
"Oh, please, let one rib remain!"
The Sun agrees, and what takes place?
The Moon starts growing once again.

("Son en Maan", Hennie Aucamp – corrections on translation by Johann de Lange)

## The duel

The banners move like weak donkeys in the wind
And the sun draws its clouds more tightly round its shoulders,
Because it's cold
The man with black eyes comes sighing over the grass
And lifts his sword up, a petrified eel in the light
And I draw my sword shiny like a test tube or a dragon's tongue

En garde!

Clang yaa tjeng tjand tjeng clang

**(Etc. – noises the swords make as they clash.)**

Touché
Aaaaaaaaaaaaaaaaaaaaaaaaa
(I feel his sword like a fishbone in my throat)

("Die tweegeveg", Breyten Breytenbach)

# *Onderwêreld*

# vir

# Graad 12 Huistaal


**Saamgestel deur**

**Fanie Viljoen en Riens Vosloo**

# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| **Voorwoord** | 1 |
| **Karakterlys** | 2 |
| **Aantekeninge oor *Onderwêreld*** | 5 |
| **Titel** | 5 |
| **Motto** | 5 |
| **Manifes van die kuberkraker** | 5 |
| **Struktuur van *Onderwêreld*** | 6 |
| **Kort oorsig van *Onderwêreld*** | 7 |
| **Tekskenmerke van 'n jeugroman en vrae vir besinning** | 8 |
| Die styl van die skrywer | 8 |
| Intrige | 11 |
| Verteller en vertellersperspektief | 15 |
| Karakter en karakterisering | 16 |
| Konflik | 19 |
| Milieu (ruimte en tyd) | 19 |
| Tyd | 21 |
| Tema en motiewe | 23 |
| Hoofstukbesprekings en kontekstuele vrae | 26 |
| Proloog | 26 |
| Hoofstuk 1: Sluimerende grys selle, Polyfilla en ringtones | 27 |
| Hoofstuk 2: Log File: Die dag voor die laaste skooljaar begin | 28 |
| Hoofstuk 3: Boeke en Boggom | 29 |
| Hoofstuk 4: Log File: Die Tonnel | 31 |
| Hoofstuk 5: Die soektog en gerugte van selfmoord | 32 |
| Hoofstuk 6: Log File: Lux hominum vita | 34 |
| Hoofstuk 7: Die pion gooi sy toys uit die cot | 36 |
| Hoofstuk 8: Log File: Onderwêreld | 37 |
| **Hoofstuk 9: Sleeping beauty kry dinge aan die roer** | 38 |
| Hoofstuk 10: Log file: Toets vir die idiote | 40 |
| **Hoofstuk 11: Twee foto's** | 41 |
| **Hoofstuk 12: Log File: Wat my hart sê** | 42 |
| **Hoofstuk 13: Teleurstellings en ontdekkings** | 44 |
| **Hoofstuk 14: Log File: Die regte kant van die firewall** | 45 |


**Hoofstuk 15: Hulle weet** 46
**Hoofstuk 16: Log File: Vakansie-fireworks** 48
**Hoofstuk 17: Mankbeen-Maandag** 49
**Hoofstuk 18: Log File: Social Engineering** 50
**Hoofstuk 19: RAT** 51
**Hoofstuk 20: Log File: Surfer dudes of surfer duds?** 53
**Hoofstuk 21: Dok se files** 54
**Hoofstuk 22: Log File: Nicole** 55
**Hoofstuk 23: Project Nursery Rhyme** 56
**Hoofstuk 24: Log File: Die berge in en om my** 57
**Hoofstuk 25: Squeal** 59
**Hoofstuk 26: Log File: Script kiddie** 60
**Hoofstuk 27: Brute Force** 62
**Hoofstuk 28: Log File: Ek wens ek was jy** 63
**Hoofstuk 29: 'n Skop in die family jewels** 64
**Hoofstuk 30: Log File: Buzz** 66
Hoofstuk 31: Op soek na 'n plek wat mens tevrede laat voel met jouself 67
Hoofstuk 32: Log File: Gedenking 68
Hoofstuk 33: Eggo's 69
Hoofstuk 34: Log File: White hat/Black hat 71
Hoofstuk 35: Die Regter 72
Epiloog 73
Inhoudsvrae (vrae per hoofstuk vir eksamenvoorbereiding – informele assessering) 76
Formele assessering 104
Literêre opstelle 106
Toetse 108
Woordverklarings in konteks 121
Glossarium van literêre begrippe 131
Erkenningslys 134




**Karakterontwikkeling** beteken die karakter is aan die einde van 'n verhaal anders as aan die begin van 'n verhaal. 'n Hoofkarakter – 'n vol of ronde karakter – ondergaan gewoonlik ontwikkeling. Greg groei stelselmatig tot ander insigte met verloop van die verhaal.

Hoe die karakter aan die leser bekendgestel word, staan as **karakterbeelding** bekend. Karakterbeelding vind op verskillende maniere in 'n prosateks plaas. Karakteropenbaring of karakterontwikkeling vind plaas om die innerlike van die karakter te verraai. Die leser leer karakters deur die volgende **karakteriseringstegnieke** ken:

- Die **direkte beskrywing** van karakters of indirekte uitbeelding deur die verteller; word die karakter van binne en/of van buite beskou?
- Die beskrywing van die karakters se aard, optredes, handeling.
- **Indirekte uitbeeldingstegnieke** is, byvoorbeeld, die verhouding tussen karakters, en die reaksie van karakters op mekaar se handeling of dialoog (gesprekke/wisselwerking tussen karakters).
- Hoe die karakter tydens **botsing/konflik** optree.
- Wat die karakters sê en dink, hul dialoog en gedagtegang; dialoog is altyd een van die belangrikste karakteriseringstegnieke.
- **Naamgewing**: die karaktername kan die karakter beskryf.
- Karakters kan deur die **tyd** (vooruitskouing na die toekoms en terugskouing op die verlede) en die **ruimte** (byvoorbeeld die kuberruim-onderwêreld waarbinne Greg en Eckardt leef, asook die realiteit van hul gesins- en skoolruimte) waarin hulle beweeg en hul reaksie daarop, openbaar word.
- 'n Skrywer maak soms gebruik van die **bewussynstroomtegniek** om 'n karakter se innerlike gedagtes (gedagtespraak of innerlike monoloog) en gevoelens uit te beeld sodat die leser dit ervaar as komende direk van die denke van 'n karakter. Hiervoor kan selfs leestekens en sintaktiese verbande geïgnoreer word om die innerlike ervaringstroom van die karakter uit te beeld. Die skrywer slaag daarin om Greg se gedagtes direk uit te beeld omrede die hele verhaal vanuit Greg as ek-verteller se gesigspunt vertel word. Hierdie tegniek stel die leser in staat om direk deur te dring tot die innerlike lewe van 'n karakter sonder die tussenkoms van die skrywer se beskrywing of verduideliking.




**Lees nou die volgende gedeelte uit *Onderwêreld*:**

1 "As jy so sit?" vra ek.
2 "Ek dink."
3 "Oor?"
4 "Stuff."
5 Ek glimlag. "Jy's stiller deesdae."
6 "Ek was mos maar nog altyd."
7 "Seker." Ek gaan sit langs hom op die gras, my arms om my bene gevou. Asem die koue berglug in. "Moet sê ek is nie lus vir die ouens vanaand nie. Partykeer is dit of mens net genoeg kry van die spul."
8 "Overdose op simpel grappe en geselsies."
9 "Ek kan dit soms nie meer verdra om hulle die hele dag in my gesig te hê nie."
10 "Jy's hulle hero, Greg. Veral die jong outjies. Hulle sien op na jou," sê Eckardt, rustig soos altyd.
11 "Dit klink miskien lekker, maar weet jy, hulle pluk partykeer regtig aan my nerwe. Elke mens het bietjie space nodig. Partykeer wens ek ek was jy."
12 "Jy wil nie ek wees nie."
13 "Jy kry dit reg om almal 'n armlengte van jou af te hou."
14 "En jy dink dis lekker?"
15 "Dit moet sy voordele hê."
16 "Om 'n loner te wees?" Hy kyk my reg in die oë. "Nee, Greg, partykeer wens ek ek was jy. Maar dan weer . . . ek weet nie wat in die toekoms vir jou wag nie. Wie weet of ek dan nog in jou skoene sal wil staan?"

Ek breek weg van die party waar ouens in kringe om die vure staan en lag en gesels. Gewaagde grappies vertel. Hardop wens dat hier vanaand 'n spul girls kon wees. Ek kry vir Eckardt waar hy eenkant sit, weg van die lawaai.

# Hoofstuk 1:

## Sluimerende grys selle, Polyfilla en ringtones

Die vertellershoek verander nou na 'n eerstepersoonsverteller. Die verhaal maak 'n tyd- en pleksprong. Greg Owen lê en slaap in sy koshuiskamer by die eksklusiewe seunskool, Lawson Kollege, in die Drakensberge. Sy meisie, Nicole, bel hom wakker. Hulle gesels, maar daar is 'n teruggehoudenheid aan Greg. Dit is asof hy nie werklik vir Nicole kan vertrou nie. Verneuk sy hom dalk met ander ouens terwyl sy in Johannesburg is? Hy kan nie eens vir haar sê hy is lief vir haar nie. Greg moet die oproep kortknip omdat hy laat is. Eckardt het hom nie soos gewoonlik wakker gemaak nie. Hy wil Eckardt hieroor aanvat, maar hy is nie in sy kamer nie. Wanneer Greg vir Eckardt bel, lui sy selfoon in die kas. 'n Vreemde naam G-4ce flits op die skerm. Met hierdie hoofstuk skuif die spanning 'n aks hoër. Die intrige se volgende handelingsmomente kom na vore: Wat gaan aan tussen Greg en Nicole? Wie is Eckardt? Hoekom kry Greg hom nie? Wat beteken die vreemde naam op die selfoon?

**Lees die volgende uittreksel (bl. 45-46) en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

1 Almal wat ek in die gang teëkom, is al aangetrek: swart broeke, baadjies. Wit hemde, geel dasse. Die skoolwapen met die fakkel op die baadjies se sakke. Bo die wapen is die skool se naam: Lawson Kollege, en onder die wapen die skool se leuse: Lux hominum vita.

2 Ek stamp my pad oop deur die bondelende klomp seuns wat op pad is na die eetsaal.

3 "Hei, buddy, lekker verslaap," roep een.

4 "Is jy nie aan diens by die graadagts nie?" vra een van die VRL's.

5 Dit ook nog. Ek het vergeet. Ek hoop maar net hulle het nie die plek vanoggend afgebreek nie. En dat almal uit die bed is.

6 Nog 'n paar ouens terg, ander wil groet, gesels, vra oor rugby of iets. Maar ek mompel net onhoorbare verskonings. Die verdomde Eckardt, vloek ek weer sag. Ná 'n vinnige stort, skeer en tandeborsel, gaan trek ek aan. Toe sit ek af met die koshuisgang, systap 'n skoonmaker wat my verbaas agternakyk. Eckardt se kamer is net 'n kort entjie van myne af. Ek klop vinnig, pluk die deur oop voor hy kan antwoord. Ruk tot stilstand. Die bed is opgemaak, maar dit lyk of iemand daarop gesit het.

7 Venster oop. Een van die gordyne het opgewaai en hang nou oor die lessenaar waarop Eckardt se laptop staan.

8 Waar de hel is hy dan? Eetsaal toe? Die maklikste is om te bel en uit te vind. Ek ruk my selfoon uit my baadjiesak, glip deur die nommers.

9 Eckardt. Bel.

10 Oomblikke later klink die bekende ringtone op in die kamer self. Dis 'n ou tune van die Stereo MC's. *Connected.* My lyf word skielik koud. Die geluid is dof, asof dit binne-in iets toegemaak is. Die geluid kom van êrens langs my. Dit kom uit Eckardt se kas. Stadig stap ek nader, die handvatsel is koud onder my vingers toe ek die kasdeur oopswaai.

11 Daar, op die netjies opgevoude klere, lê Eckardt se selfoon. Op die skerm flits die naam: G-4ce.

**Vrae:**

1. Vanuit watter vertellersperspektief word hierdie gedeelte aangebied? (1)

2. Wat beteken die skool se leuse? (par. 1) (1)

3. Wie is G-4ce? (par. 11) (1)

4. In paragraaf 2 tot 6 openbaar Greg se handelinge 'n dringendheid om Eckardt in die hande te kry.
   a) Haal bewyse aan vir hierdie stelling. (1)

Onderwereld studiewerksgids.indb 27 2016/04/06 11:00 AM

**Lees die volgende uittreksel (bl. 215) en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

1 "Want, Greg, hulle het niks met die virus of die vaksine of die tonne geld wat daarmee gemaak kan word, uit te waai nie. En jy het!"

2 "Ek het nie! Wat bedoel jy?"

3 Eckardt bly 'n ruk stil. Die uitdrukking op sy gesig is dié van 'n skaakspeler wat sy opponent enige oomblik in skaakmat gaan sit. "Jy weet nou dat dok Pienaar die Butcher is, Greg. Hy was die ou wat die plan gemaak het vir die virus-scam. Die Baker sal jy nie ken nie. Hy is 'n doktor in Virologie. Dit is hy wat die Butcher se plan uitgevoer het en die virus en die vaksine ontwikkel het. Maar die Candlestick-maker, Greg, vir hom ken jy goed . . ." Weer stilte. "Jy sien, Greg, om 'n virus te maak en dit vir jouself te hou is soos om 'n winkel in 'n donker straat oop te maak. Niemand sal daarvan weet as daar nie 'n lig in die straat opgesit word nie. Nie totdat jy die boodskap uitkry by die mense nie . . . totdat jy die media begin gebruik nie . . ."

4 Vir 'n oomblik lank hou ek op met asemhaal.

5 Dis hoe vrees voel: Vuur blits deur jou lyf, elke senuwee ruk wakker, adrenalien gooi jou gedagtes in snelrat, jou oë sper oop, jou asemhaling hou op en jou borsholte pers saam. En jy hoor dit – jou eie hart. Klop. Klop. Klop.

6 "Sien jy nou hoekom dit juis jý moes wees, Greg?"

**Vrae:**

1. Wie is die "hulle" na wie Eckardt in die eerste paragraaf verwys? (1)

2. Wie is die Candlestick-maker? Dink jy dis 'n gepaste verwysing na dié persoon? Verklaar jou antwoord. (2)

3. In par. 3 is daar twee keer verwys na Eckardt wat stil word. Is hierdie stiltes doelbewustelik? Gee 'n rede. (1)

4. Die beskrywing van Eckardt se onthulling as 'n skaakspel is betekenisvol. Verduidelik die funksionaliteit van hierdie vergelyking. (2)

5. Hoe word paragraaf 5 uitgehef? (1)

6. Beskryf hoe Greg voel na hierdie skokkende openbaarmaking van Eckardt. (1)

# *Lien se lankstaanskoene*

## vir

# Graad 12 Eerste Addisionele Taal

**Saamgestel deur**

**Ilna Stander**

Lien se studiegids.indb 3 2016/04/15 9:36 AM

# Inhoudsopgawe

Voorwoord 1

Afdeling A: Opsommings en Vrae 2

Voorspel 2
Hoofstuk 1: Geel en Gelukkig 3
Hoofstuk 2: Jou standaard-skoolnommertjie 5
Hoofstuk 3: 'n Kakofonie van klanke 9
Hoofstuk 4: Die meesterstuk 11
Hoofstuk 5: Lientjie Lieflik 13
Hoofstuk 6: A change of scenery 15
Hoofstuk 7: Effens last season 17
Hoofstuk 8: Weird Maria 20
Hoofstuk 9: 'n Rus op die menu 22
Hoofstuk 10: Iets om die palaat te verfris 24
Hoofstuk 11: Julia Roberts sonder die mond 26
Hoofstuk 12: Die traandruppel 28
Hoofstuk 13: 'n Huis sonder 'n moeder 29
Hoofstuk 14: A change of scenery (régtig) 30
Hoofstuk 15: 'n Bottel Energade 33
Hoofstuk 16: Die Pussycat Dolls 35
Hoofstuk 17: Die afgevaardigde van Tibet 37
Hoofstuk 18: Tee en kaaskoek 39
Hoofstuk 19: Baie sterker as Camel Filters 41
Hoofstuk 20: Nuwe mense relax nou hier 43
Hoofstuk 21: Sjerrie vir die koue 45
Hoofstuk 22 Ietsie met chocolate vir poeding 46
Hoofstuk 23: Die welcome-home-Mammie-ding 48
Hoofstuk 24: Die toppie sonder bates 50
Hoofstuk 25: Halfprys is halfprys 52
Hoofstuk 26: Cheers op Binnelandse Sake 53
Hoofstuk 27: Die town clown 56
Hoofstuk 28: Something for the poor, my koning 59
Hoofstuk 29: Wat is sy van nou weer? 63
Hoofstuk 30: Die Grafsteensangers 64
Hoofstuk 31: Die corner sonder entertainment 67
Hoofstuk 32: Iets wat Picasso kon bedink het 68
Hoofstuk 33: Geldig vir dertig dae 70
Hoofstuk 34: Shopping is nie vir sussies nie 72
Hoofstuk 35: Werk dinge in Londen ook só? 75
Hoofstuk 36: Cool sou ék sê, actually 77
Hoofstuk 37: Koue goed in groot glase 79
Hoofstuk 38: Die ding met die kuif 82

Hoofstuk 39: Die besoek (1) 85
Hoofstuk 40: Die besoek (2) 87
Hoofstuk 41: ’n Bietjie kultuur 90
Afdeling B 97
Woordverklarings 97

5. Waar of onwaar? : "Roos drink glad nie." Motiveer waarom jy so sê. (2)

### Die spanningslyn

- Sal Lien verder kontak hê met die normale gesin van Hein Venter?
- Kon Lien se ma haar drankverslawing in die kliniek oorkom?
- Sal Lien se wantrouige verhouding met haar ma regkom?

### Mini-skryf: Intensiewe vorme

Lien reën sopnat; sy is druipnat. Watter ander intensiewe vorme vir "nat" is daar?
Skryf die **intensiewe vorme** neer van: alleen, deur, donker, droog, glad, soet en vol.

Gebruik een of twee in jou kreatiewe skryfstukke.

# Hoofstuk 22: Ietsie met chocolate vir poeding

## Opsomming

- Joe kom haal vir Lien vir die naweek by Miemie in hul huis teen die berg.
- Miemie-hulle se reusetuin het golwende grasperke en 'n blou-blou swembad met beeldhouwerke daarom.
- Miemie se wit hondjie, Patsy, is haar "sielsgenoot".
- Hulle gaan op met 'n groot marmertrap, verby yslike abstrakte skilderye, na Miemie se luukse slaapkamer met haar eie elektroniese toestelle.
- By Roberta, die goed opgeleide sjef, bestel Miemie sushi, hoender en sjokoladenagereg.
- Miemie se rooikopma sit met mineraalwater en kyk na TV-kosdemonstrasies.
- Sy is vriendelik, maar die meisies sien haar min; hulle eet net saam by die tafel.
- Die meisies ontspan langs die swembad en geniet Roberta se vreemde smake en geure in die volop eetgoed en drinkgoed.
- Hulle kyk DVD-flieks en gesels tot die oggendure in Miemie se groot bed.
- Miemie vertel van haar *weird* pa en sy modelvliegtuigies.
- Lien vertel van haar ma en die kliniek.
- Lien voel soos 'n *celeb*. Sy is weg van haar probleme.



## Summary

- Miemie's parents' house, garden and swimming pool are luxurious and Roberta is the chef.
- Patsy is Miemie's white dog, her "soul mate".
- Miemie's mum sits in a chair all day, drinking mineral water and watching food shows on TV.
- She is friendly, but the only contact with her is at the dinner table.
- The girls relax in the pool and enjoy Roberta's plentiful snacks and drinks.
- They watch DVD movies and chat until the early hours in Miemie's huge bed.

- Miemie tells Lien about her weird father and his model aeroplanes.
- Lien tells Miemie about her mum in the clinic.
- Lien feels like a celeb. She escapes her many problems for a few days.

## Vrae

1. Watter twee dinge by Miemie-hulle moes vir Lien aan hul ou huis laat dink het? (Daar is vier.) (2)

 ______________________________

 ______________________________

2. Die oorvloed van koskeuses laat vir Lien (verwonderd en beïndruk/ongemaklik en verleë). (1)

 ______________________________

3. Kies die korrekte moontlikheid uit die onderstaande lys opsigte waarin Miemie se ma ooreenstem met (dieselfde is as) Lien se ma.
 a. Albei is aantreklike, vriendelike mense wat hulleself bietjie verwaarloos.
 b. Albei is geleerd, baie geïnteresseerd in een belangstelling, maar is onbetrokke by hul kinders.
 c. Albei voel alleen en het 'n drankprobleem. (1)

 ______________________________

4. Wat het gebeur dat Lien die vrymoedigheid het om vir Miemie van haar ma se probleem en die kliniek te vertel? Kies die beste een uit die onderstaande moontlikhede:
 a. Lien voel tydens die naweekkuier Miemie hou van haar en sal verstaan.
 b. Lien soek nog heeltyd iemand wat na haar sal luister en vind dit by Miemie.
 c. Die saamkuiery het vertroue geskep waarbinne hul albei oor hulle probleme kon praat. (1)

 ______________________________

5. Miemie se reaksie op die nuus van Lien se ma wat in 'n rehabilitasiekliniek is, toon (simpatie/opgewonde geïnteresseerdheid/onbelangstellendheid). (1)

 ______________________________

### Die spanningslyn

- <u>Wat sal die vriendskap met Miemie vir Lien beteken</u>?
- Sal dit vir Lien help om (met Miemie) oor haar ma te kan praat?

### Mondeling: Onvoorbereide praat

Trek 'n stelling en praat een minuut lank daaroor.


**Stellings:** Daar is ook ander soorte swaarkry behalwe armoede.
Mense wat genoeg het, verstaan nie armoede nie.
As jy nie honger ken nie, behoort jy skuldig te voel.
Dis nie rykdom wat mense gelukkig maak nie.
Weelde kan gou vervelig wees.
Wat 'n mens regtig gelukkig maak, is goeie verhoudings.
As jy ander mense help, word jyself 'n gelukkiger mens.
Saam-eet by 'n tafel is goed vir 'n gesin.

### Mini-skryf: Diere-vergelykings

Onthou dat 'n **vergelyking** of twee skryfwerk verbeter. Kies die korrekte dier uit die lysie:
tierwyfie, muis, buffel, mossie, hond, mol, wolf, kraai

Miemie eet soos 'n ____________________ Sy is so stil soos 'n ____________________
Sy is so siek soos 'n ____________________ Hy is so dood soos 'n ____________________

## Blokkiesraaisel



## Leidrade:

1. **Dwars**: Lien se bynaam vir tant Malie is ____________ Malie.
2. **Af**: Tant Malie se personeel sê sy is altyd ____________
3. **Af**: Sophie is 'n ____________ wat deeltyds werk.
4. **Af**: Lien se min fooitjies laat dink haar aan hulle ____________ yskas.
5. **Af**: Lien probeer met haar werkery ook genoeg geld vir 'n ____________ oorsee bymekaar kry.
6. **Dwars**: Die botsing tussen Lien en Agnes by die swaaideure het 'n klomp ____________ laat breek.
7. **Dwars**: Tant Malie wil hê dat Lien en Agnes vir 'n paar dae sonder betaling moet werk om hulle ____________ af te betaal.
8. **Af**: Lien protesteer dat die breekskade net 'n ____________ was.
9. **Af**: Lien dink aan die lysie kruideniersware in haar ____________ wat sy wou aankoop.
10. **Af**: Uiteindelik is Lien nie ____________ om verder te werk vir iemand wat so onredelik is nie.
11. **Dwars**: Die ____________ kom onverwags besoek by Lien-hulle aflê.
12. **Af**: Lien kyk na die ____________ in die kombuis waarmee Braam 'n prys gewen het.
13. **Af**: As Lien die vrolike sketsie van 'n gelukkige gesin raaksien en dink aan hulle huidige gesinssituasie, is sy bewus van die ____________ ('n stylfiguur).

14. **Dwars**: Lien noem die dominee in haar gedagtes ____________
15. **Dwars**: Daar is 'n groot ____________ ('n stylfiguur) tussen die predikant se "strate van melk en heuning" en die werklikheid van "cheap dooswyn en boontjies in tamatiesous".
16. **Af:** Braam en die dominee gesels lekker oor ____________
17. **Af**: Lien neem tannie ____________ se pot terug en kuier 'n bietjie daar.
18. **Dwars**: Sy drink koffie en eet ____________ saam met die tannie wat eintlik op 'n dieet is.
19. **Dwars**: Die tannie se woonstel is vrolik en ____________
20. **Af**: Dirkie en ____________ soek iemand om hulle by die werk te help.
21. **Dwars**: Millennium Creations is 'n ____________
22. **Dwars**: Lien is kwaad dat Wouter by die ____________ begin aanpas en vriende maak. (22)

### Die spanningslyn

- Wanneer sal Lien vir tant Malie kan terugbetaal?
- Wat gaan van Lien se siniese houding teenoor die predikant word, asook haar algemene negatiewe ingesteldheid?
- Sal sy by die haarsalon werk kry?
- Wat sal van die ligte spanning tussen haar en Wouter word?

# Hoofstuk 6: A change of scenery

## Opsomming

- Lien het nie internet tuis nie en moet die taak se navorsing in die skoolbiblioteek doen.
- Wouter gee vir haar 'n verskoningbriefie met 'n koffie-uitnodiging en 'n Milo Bar en sê dat hulle *pals for life* is.
- Sy sien vir Riekie en Sanet by hom en voel jaloers.
- Sy en Wouter gaan Wimpy-koffie drink en praat oor hulle irritasie met die uithangery by die matriekafskeid. Hulle loop dit liewer mis. Hy vra haar oordrewe-verspot op sy knieë om saam met hom te gaan. Hulle oorweeg ook onvanpaste klere om die geleentheid daarmee te bevraagteken. Sy voel weer veilig in hulle vriendskap na die baie lag.
- Wouter moedig haar aan om vir die oudisie te gaan.
- Sy voel weer bang om sy vriendskap te verloor.
- Dertig kinders daag by die oudisies op – vir agt groot en twee klein rolle.
- Lien lees Weird Maria se rol.
- Tuis verwonder Lien en Braam hulle aan hul ma wat soos van ouds kosmaak en gesels.
- Dirkie laat weet dat Lien die volgende middag kan begin en sy begin somme maak met wat sy sal kan doen met haar geld.
- Hulle eet en gesels soos 'n normale gesin aan tafel en Braam sê hulle krieketspan soek nog 'n borg.
- Lien sien teleurgesteld dat die wynboks saamgaan kamer toe.
- Die videokyker kyk na 'n man en vrou in deftige aandklere, maar stop dit en pluk die video vies uit die speler.

## Summary

- Before school Lien does research on the profession of an attorney using the school library's internet.
- Wouter hands Lien a letter of apology, along with a Milo Bar and an invitation to Wimpy for coffee. He promises her that they are pals for life.
- Soon afterwards she feels jealous when she sees Wouter chatting to Riekie and Sanet.
- At the Wimpy, Lien and Wouter discuss their irritation with the matric farewell party and consider the option of either staying away or wearing inappropriate clothing. He then asks her in an exaggerated, silly way to accompany him to the matric farewell, which leaves Lien feeling safe in their friendship.

# Droomdelwers
## vir Graad 11 Huistaal

**saamgestel deur**

**Pieter Rademeyer**

# Inhoudsopgawe

1. INLEIDING 1
Hoe om hierdie studiewerkgids te gebruik 1
Benadering tot die bestudering van letterkunde 2
Agtergrondinligting oor die skrywer 2

2. AFDELING A: VASLEGGING VAN DIE INHOUD 3
Verhaalopsomming 3
Hoofstuk 1 (p. 3–34) 3
Hoofstuk 2 (p. 35–60) 4
Hoofstuk 3 (p. 61–86) 5
Hoofstuk 4 (p. 87–102) 6
Hoofstuk 5 (p. 103–108) 7
Hoofstuk 6 (p. 109–115) 7
Hoofstuk 7 (p. 116–122) 8
Hoofstuk 8 (p. 123–133) 8
Hoofstuk 9 (p. 134–146) 9
Hoofstuk 10 (p. 147–151) 10
Hoofstuk 11 (p. 152–168) 10
Hoofstuk 12 (p. 169–177) 11
Hoofstuk 13 (p. 178–218) 11

3. AFDELING B: 20 LEESTOETSE 14
Leestoetse 14
Leidrade 15
Blokraaisels 26

4. AFDELING C: PROSAKOMPONENTE 36
DIE BOU VAN DIE ROMAN 36
KARAKTERS (MENSE EN DIERE IN ’N VERHAAL) 36
HANDELING 54
DIALOOG 54
KONFLIK/BOTSING 55
SPANNING 56
STRUKTUUR VAN DIE ROMAN – FASES 56
TYD 57
RUIMTE/MILIEU 61
VERTELLER 63
TEMA EN SUBTEMAS 64
MOTIEWE 67
SIMBOLIEK 69
TITEL 71

Droomdelwers Studie Gids.indb 5 2016/05/11 1:55 PM

5. AFDELING D: KONTEKSTUELE VRAE 72
HOOFSTUK 1 72
HOOFSTUK 2 74
HOOFSTUK 3 75
HOOFSTUK 4 77
HOOFSTUK 5 79
HOOFSTUK 6 81
HOOFSTUK 7 82
HOOFSTUK 8 84
HOOFSTUK 9 86
HOOFSTUK 10 87
HOOFSTUK 11 89
HOOFSTUK 12 91
HOOFSTUK 13 93

6. AFDELING E: DIE LETTERKUNDIGE OPSTEL 95
ALGEMENE WENKE 95
INLEIDING 95
LIGGAAM 95
SLOT 96
MOONTLIKE TEMAS 96
VOORBEELD VAN 'N LETTERKUNDIGE OPSTEL 98
MOONTLIKE ANTWOORD 103

7. AFDELING F: WOORDESKATUITBREIDING 106
LEIDRADE 106
BLOKRAAISELS 108

8. AFDELING G: STELWERK- EN MONDELINGOPSIES 110

9. AFDELING H: GLOSSARIUM VAN LITERÊRE BEGRIPPE 114
ERKENNINGSLYS 119

Droomdelwers Studie Gids.indb 6 2016/05/11 1:55 PM

# Leidrade

Gebruik die volgende leidrade. Blaai dan na die korrekte blokraaisel aan die einde van leestoets 20 om jou antwoorde in te vul.

## Leestoets 1: Bladsy 3–13

### Dwars

2. Die hoofkarakter in hierdie verhaal.
6. Gerald Killian is hierheen beroep.
7. Die pastoor van Vlaktevlei.
11. Oom Bontie noem Leendra so.
14. Oom Phil sê hierdie tannie skinder.
16. Karaktertrek van Mara.
18. Oom Kêppies is hier gebore.
19. Oom Kêppies se goeie vriend.
21. Sy is 'n stillerige soort mens.
22. Boeta doen . . . werk.
23. Sy het 'n kafee.
25. Dit staan op die naambord by Phil se plaaswerf.
26. Ant Sweetie se man.
27. Die spesifieke tyd toe Leendra op die dorp aankom.
28. Haar gees was tot op die punt van depressie uitgeput.

### Af


1. Ant Sweetie se seun.
3. Leendra se pa se bynaam.
4. Die tronk waar Leendra vir sewe jaar opgesluit was.
5. Een van die "pastorieknape".
8. Die eienaars van die hotel.
9. Die vierkantgedeelte by die kerk.
10. Gerald se gesin is . . . dat hulle trek.
12. Leendra se ma se broer: haar oom.
13. Die eerstepersoonsverteller.
15. Leendra se bynaam.
17. Lucia se ma.
18. Leendra sê vir haar oom sy sal nooit . . . wees voor sy nie die volle waarheid van daardie dag weet nie.
20. Die pastoor se vrou.
22. Leendra en haar oom is op pad hierheen.
24. Leendra se sussie.

## Leestoets 2: Bladsy 14–24

### Dwars

5. 1288
6. Gretel se oorlede man.
8. Leendra wou dalk 'n . . . begin het toe sy uit die tronk gekom het.
10. Die Bonthuyse se kafee.
11. Leendra se ou kamer lyk vir haar . . .
12. Sinkgeboutjie net oorkant die pastorie.
13. Leendra gaan die volgende dag soontoe om toiletgoedjies te koop.
14. Ruimtelike beskrywing van die landskap in Soutmansdal.
17. Leendra voel nou nog net so . . . van Sielie af soos sy die tyd in die tronk ook gevoel het.
19. Rudie voel daar is al 'n hele paar jaar 'n . . . tussen hom en sy vrou.
23. Die regter wat Leendra se saak aangehoor het.

## Leestoets 2: Bladsy 14–24



# STRUKTUUR VAN DIE ROMAN – FASES

**Die nuuskierigheid en afwagting wat geskep word, maak dat die leser aanhou lees totdat die spanning eindelik 'n klimaks bereik. Om dit te bewerkstellig, word die roman in die vyf fases verdeel:**
'n Roman kan in die volgende fases opgedeel word:

1. **Motoriese moment:** 'n Verhaal bestaan uit baie gebeure wat met mekaar verband hou. Die gebeurtenis wat die verhaal aan die gang sit, word die motoriese moment genoem. Die spanningslyn begin ook hier. In *Droomdelwers* is die motoriese moment Leendra se aankoms op Soutmansdal ná sewe jaar in die tronk.
2. **Plot/Intrige:** Die skrywer bied die verhaalgebeure chronologies aan en konflik en spanning kom voor. Die hoofintrige in *Droomdelwers* is Leendra se soeke na die waarheid oor haar ouers se dood en haar smagting na die vryheid wat vergifnis mag bring. Subintriges is *stories binne die hoofstorie*. Subintriges in hierdie roman is die liefdesdriehoeke van Leendra, Samuel en Patricia asook van Gerald, Jamaina en Rebekka. Die Redelinghuyse se gierigheid, die misterie van Oubaas se verdwyning, asook Sielie en Boeta se spesiale vriendskapsband is ook interessante subintriges wat die leser vasgenael hou.
3. **Klimaks/Hoogtepunt:** Die spanningslyn styg tot by die finale breekpunt en die leser weet wat hy wil weet. In hierdie verhaal is die hoogtepunt wanneer Sielie besef wie haar ouers vermoor het.
4. **Ontknoping:** In hierdie gedeelte word al die los drade saamgevat. Hier is dit Phil wat selfmoord pleeg, Gerald keer terug na sy gesin, die Vlaktevleiers kry nuwe huise en werkgeleenthede, die Redelinghuyse leer die Vlaktevleiers ken, Patricia raak verloof aan Mauritzio, Gretel en Mario vind mekaar, Tommie hou sy eerste kunsuitstalling, Gilbert bieg oor sy vals getuienis, Sielie oorkom haar spraakgebrek en vind liefde by Boeta en Leendra word van haar verlede bevry.
5. **Slot:** Hoe die verhaal eindig, word die slot genoem. Leendra en Samuel trou en die moontlikheid vir 'n vredevolle, gelukkige lewe bestaan.

# TYD

Verhale het 'n begin-oomblik, gevolg deur gebeure (handeling) en 'n slot-oomblik. Al die gebeure vind nie gelyktydig plaas nie.

## Tydsvolgorde

- As die verhaalgebeure in die normale tydsvolgorde vertel word, is die verhaal *chronologies*.
- Verhaalgebeure wat nié in die normale tydsvolgorde vertel word nie, is *achronologies*. Die voorvoegsel *a* beteken *nie*.
  - Achronologiese verhale geskied deur
    - **terugflitse:** midde-in 'n verhaal word die hede onderbreek en 'n greep uit die verlede word vertel; en
    - **vooruitflitse:** midde-in 'n verhaal word die hede eers onderbreek en 'n greep uit die toekoms word vertel.

  Wat, dink jy, is die gevaar van te veel terug- en vooruitflitse?

  ______________________________________________

## Tydsverloop

'n Verhaal het tyd nodig om te ontvou of sy loop te neem.

- **Romantyd** verwys na die tyd, jaar of jare waarin die verhaal afspeel. Om dit te bepaal, moet die leser leidrade in die teks soek. Ons lees in *Droomdelwers* van selfone en viertrekbakkies, roomys kos R12, Leendra is weens amnestie vroeër uit die tronk vrygelaat. Dit gebeur gewoonlik met belangrike gebeurtenisse soos presidentsverkiesings- en verjaardae. Dalk die belangrikste: Gilbert se oupagrootjie het Vlaktevlei se kerk en skool in 1906 gestig en dan sê die televisie-onderhoudvoerder die Vlaktevleiers leef al nege-en-neëntig jaar op geleende tyd. Dit moet dan 2005 wees.
- **Verteltyd** verwys na die hoeveelheid tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel, met ander woorde die aantal bladsye van die teks. Die verteltyd in *Droomdelwers* is 215 bladsye.

- **Vertelde tyd** dui op die periode of tydperk wat deur die storie gedek word – van die vroegste tot die laatste tydmoment in die verhaal. Sommige verhale strek oor 'n paar dae, ander oor jare. Die vertelde tyd in *Droomdelwers* begin op die Sondagoggend toe Leendra op Soutmansdal aangekom het in die laatwinter en eindig met die gelykmaak van Vlaktevlei – 'n onbepaalde tydperk, maar waarskynlik 'n jaar later, rondom Augustus, die blommetyd aan die Weskus.

In die onderskeie hoofstukke is daar spesifieke aanduidings van die tydperk wat gedek word. Bestudeer die gegewens in die leesgids voor in die skooluitgawe van die roman, en doen vaslegging deur hierdie opsomming na te gaan:

### Hoofstuk 1

- Gebeur op 'n Sondag (oggend, middag en aand).
- Kleredrag van karakters dui tyd aan:
  - Oom Phil dra 'n baadjie en das.
  - Leendra dra 'n langbroek en linnebaadjie.
  - Mara Marais dra 'n skelpienk serp.
  - Sielie is kaalvoet met 'n verbleikte rok.
  - Minette dra 'n liggroen uitrusting wat haar mooi figuur vertoon.
  - Patricia dra 'n minirok en het bruingebrande bene.
- **Ander leidrade:**
  - Leendra laat die vlak brandertjies oor haar voete spoel (die Weskus is bekend vir sy yskoue seewater).
  - Daar is blomryke potplante op die stoep.
  - Daar is blomme in Leendra se kamer.
  - Leendra slaap onder 'n appelkooskleurige duvet.
  - Daar is die massa flaminke op die vleie. Die Weskus is 'n winterreënvalstreek en die flaminke sal nie in droë vleie wei nie.
- **Dit is waarskynlik laatwinter aan die Weskus.**

### Hoofstuk 2

- Die tydsverloop sedert die Sondag in hoofstuk 1 kan nie bepaal word nie.
- Daar is 'n verwysing dat Leendra, volgens Rachel, "binne 'n paar dae" al die werkers se name leer ken het.
- Leendra luister ook na die werkers se probleme en ons lei af dit gebeur dus oor 'n redelike tydperk – sy kan tog nie op een dag na almal luister nie en hulle moes tyd gehad het om haar te leer vertrou voor hulle sommer hul geheime sou deel.
- Die werkers gee vir Leendra die bynaam Windhond omdat sy vinnig en ver stap – tyd moet verloop voordat iemand 'n bynaam weens sekere gewoontes sal kry.
- Hoofstuk 2 speel op een dag in die week (daar word gewerk) op verskillende plekke af:
  - *Soutmansdal, Dwarsmansdal en die hotel in die oggend.*
  - *Soutmansdal en die hotel in die middag.*
  - *Soutmansdal in die aand.*

### Hoofstuk 3

- Dit is nou 'n Saterdag en Sondag.
- Ons weet nie presies hoeveel tyd sedert hoofstuk 2 verbygegaan het nie, maar dit is nie baie lank nie – Leendra verwys byvoorbeeld op bladsy 79 na "die man oor wie ons nou die aand gepraat het".
- Hoofstuk 3 kan só verduidelik word:
  - Saterdagoggend gelyktydig in Soutmansdal en die Kleinkloof.
  - Saterdagmiddag en -aand in Soutmansdal.
  - Sondagoggend en -middag gelyktydig in Soutmansdal en Vlaktevlei.
  - Sondagaand gelyktydig in Vlaktevlei en die hotel.

Best Books Studiewerkgids:

# Die laaste karretjiegraf

## vir Graad 11 Eerste Addisionele Taal

**Athol Fugard &**
**Riana Steyn**

**Saamgestel deur Alicia van der Spuy**

Die laaste karretjiegraf_SKOOLUITGAWE.indd 1 2015/11/09 3:13 PM

# Inhoudsopgawe


**1. Hoe om hierdie studiewerkgids te gebruik 1**

**2. Agtergrond van die drama 2**

**3. Die bou van die drama 5**

**4. Karakters 7**

**5. Opsommings van die drama 8**

**6. Simbole 43**

**7. Kernaspekte van die drama 44**

**8. Glossarium 47**

**9. Konsepvraestel 49**

**10. Bibliografie 56**

**11. Moontlike antwoorde op vrae 57**

## Vrae

**Lees die gedeelte wat op bl. 19 begin met "SARAH: Hierdie is Johanna Ackerman se graf" en op bl. 22 eindig met "Hierdie keer is hy wel tot tronkstraf gevonnis." Beantwoord dan die vrae.**

1. Vertel kortliks watter soort werk Sarah doen. (2) (Vlak 1)

2. Gee 'n opsomming van Koot se huwelike. (5) (Vlak 2)

3. Watter funksie het Sarah se monoloog? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4) (Vlak 3)

4. Wat dink jy daarvan dat Koot Geduld nie vir die moord op sy eerste vrou tronk toe gestuur is nie? Verduidelik jou antwoord. (2) (Vlak 4)

5. Waarom is Koot wel tronk toe gestuur vir die moord op sy tweede vrou? (2) (Vlak 3)

6. Die kontras tussen Sarah se manier van praat en dié van die ander karakters is betekenisvol (*meaningful*). Bespreek hierdie stelling. (4) (Vlak 5)

## SARAH SE MONOLOOG

### Opsomming: Uittreksel 3

Bladsy 19–22 (vanaf "SARAH: Hierdie is Johanna Ackerman se graf" tot by "Hierdie keer is hy wel tot tronkstraf gevonnis.")

Sarah betree nou die verhoog. Sy gee 'n feitelike verslag van die Geduld-gesin, asof sy hulle wetenskaplik bestudeer. Sy verduidelik die gebruik van die klippe op die graf aan die gehoor. Sy vertel ook vir die gehoor wie die karretjiemense is en waar hulle vandaan kom.

Sarah is nie so onbetrokke as wat sy voorkom nie. Sy ken die name van die donkies. Sy vertel dat sy oor 'n tydperk van dertien jaar hierdie familie besoek het.

Sarah word gebruik om die agtergrond van die verhaal vir die gehoor uiteen te sit. Haar monoloog se funksie is ook om 'n brug na die volgende toneel, wat 'n terugflits is, te skep.

Sy eindig die monoloog met inligting oor Koot Geduld. Sy het hom bestudeer, want hy was die beste skaapskeerder. Hy is egter 'n alkoholis en het sy eerste vrou doodgesteek. Daarna het hy sy tweede vrou met 'n kierie doodgeslaan. Die eerste keer het hy 'n opgeskorte vonnis gekry vir die moord, maar die tweede keer is hy tronk toe. Hy is die eerste keer nie tronk toe gestuur nie omdat hy die broodwinner in die gesin was.

Sarah appears on stage. She gives a factual report of the Geduld family, as if they are a scientific study. She explains the use of the rocks/stones on the grave. She also tells the audience who the karretjie people are and gives details of their heritage.

Sarah is not as uninvolved as she appears to be. She knows the names of the donkeys. She visited the family over a period of thirteen years.

Sarah is used to explain the background of the story to the audience. Her monologue's function is also to create a bridge to the next scene, which is a flashback.


She ends the monologue with information about Koot Geduld. She studied him specifically, because he was the best sheep shearer. He is, however, an alcoholic who stabbed his first wife to death. He also killed his second wife by beating her with a walking stick. He received a suspended sentence for the first murder, but was sent to jail for the second. He was not sent to jail for the first murder, because he was the breadwinner.

### Woordverklarings

| | |
|---|---|
| afstammelinge | *descendants* |
| alombekend | *known everywhere* |
| beskonke | *drunken* |
| daadwerklike | *actual* |
| gereken | *considered* |
| helleveeg | *brawl* |
| inspanning | *effort* |
| muskeljaatkat | *musk-cat, genet* |
| noodsaaklike | *crucial, necessary* |
| onbeduidend | *insignificant* |
| opgeskorte | *suspended* |
| stiebeuel | *stirrup* |
| verhoed | *to prevent* |
| voortslepende | *continuous* |

7. Maak 'n lys van die verskille tussen Sarah en die karretjiemense. (2) (Vlak 3)

8. Aktiwiteit: Voltooi die volgende blokkiesraaisel met die name van die karakters.




**Dwars**

2. ouma
5. donkie nommer twee
7. hierdie broer is effens gestremd
9. donkie nommer een
12. die dogter
13. Koot se tweede vrou

**Af**

1. die tweelingbroer
3. die pa
4. die hond
6. die naam van die oudste broer
8. Koot se eerste vrou
10. Koot se derde "vrou"
11. die antropoloog

## Opsomming: Uittreksel 8

Bladsy 31–32 (vanaf *Ná 'n paar oomblikke se huiwering maak Sarah haar rugsak oop* tot by *Op hierdie punt beweeg die stuk na die verlede.*)

Sarah wil vir Koot laat verstaan dat sy voorouers goeie mense was wat hard gewerk het en nie moed opgegee het nie.

Sarah wys vir Koot voorwerpe wat sy by hulle vorige staning opgetel het. Sy hoop hierdie voorwerpe sal Koot tot sy sinne bring. Sy probeer hom herinner dat hy moord gepleeg het en dit weer sal kan doen.

Koot is baie ontsteld oor Sarah se optrede. Hy voel hy is reeds gestraf vir wat hy gedoen het en sy hoef dit nie ook te doen nie. Hy verstaan nie wat sy probeer sê nie.

Die toneel eindig met Sarah wat sê dat sy weet wat hy gedoen het, want sy het dit gesien. Die volgende toneel is dan 'n terugflits waarin die kinders speel dat hulle Flora, Koot se tweede vrou, vermoor.

Sarah wants Koot to understand that his forefathers were good people who worked hard and never gave up.

Sarah shows Koot objects she picked up at their previous encampment. She hopes these objects will convince Koot to come to his senses. She tries to remind him that he committed murder and may do it again.

Koot is very upset with Sarah's conduct. He feels he has already been punished and she does not have to do it as well. He does not understand what she is trying to say.

The scene concludes with Sarah saying she knows what he did, because she saw it. The next scene is a flashback in which the children are acting out the murder of Flora, Koot's second wife.

## Woordverklarings

| | |
|---|---|
| aandenking | *souvenir* |
| skuiling | *shelter* |
| snymaag | *stomach that burns of hunger* |
| uitspanning | *outspan: area for travellers to rest* |

## Vrae

**Lees die gedeelte wat op bl. 31 begin met *Ná 'n paar oomblikke se huiwering maak Sarah haar rugsak oop* en op bl. 32 eindig met *Op hierdie punt beweeg die stuk na die verlede.* Beantwoord dan die vrae.**

1. Waar het Sarah die items gekry wat sy uit haar rugsak haal? (1) (Vlak 1)

___

2. Gee 'n rede waarom Sarah vir Koot van sy voorouers vertel. (2) (Vlak 3)

___

___

3. Watter voorbeeld het Koot se voorouers vir hom gestel? (2) (Vlak 2)

___

___

4. Maak 'n lys van die voorwerpe wat Sarah vir Koot in hierdie toneel wys. (2) (Vlak 2)

___

___

5. Dink jy Sarah se optrede is geregverdig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1) (Vlak 4)

6. Dink jy Koot sal sy gedrag verander as gevolg van Sarah se optrede? Motiveer jou antwoord. (1) (Vlak 4)

7. Op watter manier lei die einde van hierdie toneel die volgende terugflits in? (2) (Vlak 3)

## Verryking

Jy en Koot het 'n gesprek waarin jy hom probeer oortuig om sy lewe te verander. Skryf die gesprek tussen jou en Koot in dialoogvorm (120-150 woorde) neer. Doen hierdie oefening op 'n aparte bladsy.

# TONEEL 4

**Terugflits – Sarah, Rokkies en Outjie**

### Opsomming: Uittreksel 9

Bladsy 32–34 (vanaf "Terugflits – Sarah, Rokkies en Outjie" tot by . . . *en hou dit trots omhoog vir almal om te sien.*)

Hierdie terugflits is 'n voorstelling van wat Sarah gesien het. Rokkies sing tot sy haar sien. Wanneer Sarah vra hoe dit gaan, antwoord sy soos 'n grootmens. Sy is duidelik besig om die grootmense se manier van doen aan te leer.

Rokkies maak vir haarself 'n pop uit stokke, stukkies lap en wol. Sy versier die pop met stukkies van 'n gebreekte spieël.

Die manier waarop Rokkies speel, vertel ons van haar ervaringswêreld. Sy gaan vir die pop 'n broekie maak, anders terg die seuns haar en wil hulle "vir haar kyk". Dit is moontlik 'n aanduiding dat Rokkies self nie 'n broekie dra nie, omdat hulle nie geld het daarvoor nie. Dit kan ook daarop dui dat sy al hieroor gekoggel is.

This flashback depicts what Sarah saw. Rokkies is singing but stops when she sees Sarah. When Sarah asks her how she is, she answers in an adult way. She is clearly learning to act in the same way that the adults do.

Rokkies makes a doll out of sticks, pieces of cloth and wool. She decorates the doll with pieces of a broken mirror.

The way in which Rokkies plays, tells us about her world. She makes a panty for her doll, because the boys will tease her and look at her if she does not wear one. This may indicate that Rokkies does not wear panties because they do not have money for such luxuries. It may also indicate that she has been mocked for this in the past.

# *Vers en Vlam*

# Inhoudsopgawe

1. Inleiding tot hierdie studiewerkgids ........ 1
2. Wat sê die KABV oor lees en gedigte? ........ 2
3. Hoe om ’n gedig te ontleed ........ 4
4. Gedigontledings ........ 9
   Blum, Peter – *Oor monnemente gepraat* ........ 9
   Boerneef – *Die berggans het ’n veer laat val* ........ 14
   Martjie Bosman – *Verskroeide aarde* ........ 16
   Cilliers, Charl J.F. – *die tak vol bloeisels* ........ 20
   Cilliers, Charl J.F. – *droë weerligstraal* ........ 23
   Cloete, T.T. – *die barbaar* ........ 25
   De Vos, Philip – *’n Vrou van die dorp Clocolan* ........ 30
   Diä!kwain / Krog, Antjie – *die gebreekte snaar* ........ 33
   Du Plessis, I.D. – *Djokjakarta* ........ 37
   Du Plessis, Koos – *Kinders van die wind* ........ 40
   Eybers, Elisabeth – *Verhaal* ........ 43
   Fagan, H.A. – *Nkosi sikelel’ i-Afrika* ........ 47
   Ferrus, Diana – *Vir Sara Baartman* ........ 50
   Goosen, Jeanne – *die dag op nuweland* ........ 53
   Hugo, Daniel – *Namiboloog* ........ 56
   Januarie, Hendrik – *Noue ontkoming* ........ 60
   Jonker, Ingrid – *Toemaar die donker man* ........ 63
   Kamfer, Ronelda S. – *Martha* ........ 67
   Kerkorrel, Johannes – *Halala Afrika* ........ 70
   Kerkorrel, Johannes – *Blou aarde* ........ 74
   Krige, Uys – *Die soldaat* ........ 79
   Leipoldt, C. Louis – *Wys my die plek* ........ 83
   Louw, N.P. van Wyk – *Winter* ........ 86
   Louw, W.E.G. – *Maria* ........ 89
   Malan, Lucas – *Versoening* ........ 93
   Marais, Eugène N. – *Die dans van die reën* ........ 97
   Marais, Johann Lodewyk – *bloubok* ........ 102
   Olivier, Fanie – *besoekersboek* ........ 107
   Opperman, D.J. – *Edms. Bpk.* ........ 112
   Opperman, D.J. – *Na die myninstorting* ........ 115
   Petersen, Patrick – *(vir albertina sisulu)* ........ 118
   Philander, P.J. – *Vir die wis en die onwis* ........ 122
   Phosa, Mathews – *’n Doppie op Malmesbury* ........ 126
   Phosa, Mathews – *’n Baadjie met ’n gaatjie* ........ 131
   Pieterse, Henning – *Mapungubwe I* ........ 135
   Rousseau, Ina – *Kersfees 1996* ........ 138
   Small, Adam – *Doemanie* ........ 141
   Snyders, Peter – *Moedertaal* ........ 144
   Spies, Lina – *Lied van die kinders* ........ 146
   Stockenström, Wilma – *Koichab se water* ........ 149
   Toerien, Barend – *Verliese V* ........ 152
   Trantraal, Nathan – *Delft* ........ 154
   Van den Heever, Toon – *In die Hoëveld* ........ 156
   Van Heerden, Ernst – *Na die front* ........ 159
   Visser, A.G. – *’n Volksleier (enige eeu)* ........ 162
   Weideman, George – *Ouma Baai maak heuningbier* ........ 164
5. Klastoetsvoorbeeld ........ 167
6. Eksamenvraag-voorbeeld ........ 168

**WENKE VIR ONDERWYSERS**

Vra vir die leerders watter rol ’n predikant of dominee na hul mening in ’n gemeenskap vervul. Laat hulle in groepe verdeel en bespreek hoe ’n godsdienstige leier behoort te wees sodat hulle sy of haar voorbeeld onvoorwaardelik sal volg.

6 Dink jy dat die dominee arm was? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

______

7 Gee 'n Afrikaanse woord vir "pulpit" in versreël 7. (1)

______

8 Soek TWEE woorde in versreël 10–12 wat 'n kontras met mekaar vorm. (2)

______

9 Kies die korrekte antwoord om die stelling te voltooi. (1)
Die woord "skorrelsvol" (r. 12) beteken dat daar . . .
A. te min is.
B. net genoeg is.
C. oorgenoeg is.

______

10 Hoe sal jy voel as jou predikant nie opreg is nie en verwag dat jy sy boodskap moet glo? Verduidelik jou antwoord. (3)

______

______

11 Skryf die regte spelling van "toega" in reël 11 neer en verduidelik wat die woord beteken. (3)

______

12 Waarom, dink jy, word die woorde "hoe lyk dit" weer in reël 10–12 herhaal? (1)

______

13 Haal VYF agtereenvolgende woorde aan wat die ongeloof van die spreker uitbeeld. (1)

______

14 Skryf "wille hiening" in Standaardafrikaans. (1)

______

[**20**]

**SAMEVATTING/OPSOMMING**

Ken jy vriende wat nie meer 'n godsdiens beoefen nie? Watter redes verskaf hulle vir hul besluit om sonder godsdiens deur die lewe te gaan? Hoe belangrik, dink jy, is dit in ons moderne lewe om opregte godsdiensleiers te hê?

**VERRYKING**

Leerders kan plakkate maak van verskillende gelowe en uit elke geloof 'n merkwaardige leier uitsonder wat deur sy of haar lewe 'n voorbeeld aan ander gestel het, bv. die bekende Bhoeddistiese leier, die Dalai Lama. Sien https://www.google.co.za/?gws_rd=ssl#q=Dalai+Lama

# *Doemanie* deur Adam Small

(Bl. 114 in *Vers en vlam*)

**WAAROOR GAAN DIE GEDIG?**

Die digter voer 'n monoloog en spreek die dominee direk aan. Hy rig retoriese vrae op 'n satiriese wyse aan hom. Hy dryf só die spot met al die valse Christene wat nie opreg is in die uitlewing van hul geloof nie. Die rykdom waarmee predikante omring word, word in kontras gestel met die armoede van die res van die wêreld. Materialisme word teenoor beelde uit die natuur gestel.

The poet talks directly to the preacher by means of a monologue. He uses rhetorical questions in a satirical manner and mocks him as one of the false Christians whose lives do not reflect the religion they preach. The riches of the preachers and so-called Christians contrasts sharply with the poverty of the rest of the world. Materialistic things are compared to images from nature.

**NOG WOORDVERKLARINGS**

monoloog: alleenspraak – slegs een persoon is aan die woord, soos in hierdie hele gedig.
retoriese vraag: vrae waarop geen antwoorde verwag word nie, bv. reël 1: "'n Proefiet van Jesus djý?"
satire: iets wat hekelend spot met die lewe, dwaashede en wanpraktyke van die mens. Die hele gedig is 'n voorbeeld hiervan.

**LEES DIE GEDIG**

Die gedig op bl. 114 is 'n voorbeeld van 'n satire. Daar word die spot gedryf met predikante wat vals Christene verteenwoordig en nie deur middel van hul lewenswyse hul godsdiens uitdra nie. Hulle leef in oorvloed, teenoor die armoede van die gewone mense. Die retoriese vrae beklemtoon die ongeloof en minagting van die digter teenoor die dominee wat aangespreek word.

Die taalgebruik beeld die dialek van Kaapse Afrikaans uit – sonder tierlantyntjies.

**ONDERRIGVRAE OOR DIE GEDIG**
**Met die gedig langs jou, beantwoord die volgende vrae:**

1 Gee 'n ander Afrikaanse woord vir "doemanie" in die titel. (1)

________________________________________

2 Haal 'n versreël aan as 'n voorbeeld van 'n retoriese vraag. (1)

________________________________________

3 Waarom, dink jy, gebruik die digter nie Standaardafrikaans in hierdie gedig nie? (1)

________________________________________

4 Watter woord in versreël 3 dui daarop dat die dominee se huis baie groot en weelderig is? (1)

________________________________________

5 Haal DRIE agtereenvolgende woorde uit versreël 5 aan wat beteken dat die dominee nie opreg is wanneer hy glimlag nie. (1)

________________________________________

9 Kies die betekenis in kolom B wat by die woorde in die kolom A pas. (4)

| Kolom A | Antwoord | Kolom B |
|---|---|---|
| 9.1 r. 22 "en sy dans in die sandwoestyn" | | A. metafoor |
| 9.2 r. 10 "en die wêreld is 'n groot blou bal" | | B. assonansie |
| 9.3 r. 3 "hier in die woestyne waar een tyd oerwoud/ was" | | C. alliterasie |
| 9.4 r. 20 "en sy maak haar hare los" | | |

10 Stem jy saam met die mening in versreël 13: "wees is ons gelaat"? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

________________________________________

________________________________________

11 Kyk na reël 17: "niks kan die oorlog keer nie". Is dit 'n feit of 'n mening? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

________________________________________

________________________________________

12 Dink jy daar sal 'n tyd op aarde kom dat daar geen oorloë meer is nie? Verduidelik jou mening in twee of drie sinne. (2)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**[25]**

3 Kies die korrekte antwoord om die stelling te voltooi en skryf dit neer.
Die woord "ongeskonde" (versreël 9) beteken . . . (1)

A. nie seergemaak nie.
B. nie gesond nie.
C. nie vir 'n sekonde nie.
D. al drie bogenoemde.

______________________________

4 Verduidelik kortliks waarom die aarde as "'n groot blou bal" beskryf word (r. 10). (2)

4.1 letterlik:

______________________________

4.2 figuurlik:

______________________________

5 Haal EEN versreël uit reël 10–15 aan wat vir ons sê dat ons nie beskerming het nie. (1)

______________________________

6 Verstaan die mense op aarde mekaar altyd? Antwoord JA of NEE en haal 'n versreël aan om jou antwoord te bewys. (2)

______________________________

7 Kies elke keer 'n woord uit kolom B wat by die stelling in kolom A pas. Skryf net die antwoord se letter neer. (4)

| **Kolom A** | **Antwoord** | **Kolom B** |
|---|---|---|
| 7.1 aarde vanuit ander dele van ruimte | | A. hakekruis |
| 7.2 simbool van Nazi's | | B. hamer en sekel |
| 7.3 simbool van Kommunisme | | C. brontosourus |
| 7.4 dier uit oertyd | | D. blou bal |

8 Kies die korrekte antwoord om die stelling te voltooi en skryf dit neer.
Herlees versreël 17 en 18. Al twee die versreëls begin met die woorde "niks kan". Hierdie verskynsel noem ons . . . (1)

A. paarrym.
B. kruisrym.
C. binnerym.
D. beginrym.

______________________________

# *Blou aarde* deur Johannes Kerkorrel

(Bl. 62 in *Vers en vlam*)

**WAAROOR GAAN DIE GEDIG?**

Die aarde bestaan al vir miljarde jare en is eers bewoon deur oerdiere wat glad nie meer bestaan nie. Nou word dit bewoon deur miljarde mense. Die mens is egter eensaam, ons veroorsaak hartseer en maak oorlog. Soos die planeet Aarde alleen deur die ruimte "val", is die mens ook alleen en onverbonde soos weeskinders. Daar is, net soms, tye waarin ons kontak maak met ander mense. Die hoop word uitgespreek dat die mens eendag ander mense beter sal verstaan.

Earth has existed for billions of years. It was once populated by prehistoric animals that don't exist any more. Now it is populated by billions of people. But man is lonely, we cause sadness and make war. As planet Earth "falls" through space, man is also alone and unconnected, like orphans. Only on some occasions do we make contact with other people. The hope is expressed that we will one day understand our fellow men.

**NOG WOORDVERKLARINGS**

r. 2 voetspore (*tracks*): spore wat voete in die sand maak
r. 3 woestyne (*deserts*): dorre, kaal landstreke, meestal sanderig en sonder veel plantegroei
r. 7 medaljes (*medals*): eerbewys as prys of erkenning
r. 8 drumpel (*doorstep*, *threshold*): oorgang
r. 11 ruimte (*space*): hemelruim
r. 18 mag (*power*): sterkte, krag
r. 18 marsjeer (*march*): soos soldate in gelid stap
r. 23 blote (*bare*): kaal

**LEES DIE GEDIG**

Net soos die aarde nie verbonde is aan ander planete nie, is die mens ook meestal onverbonde aan ander mense. Net soos die "blou planeet" op sy eie deur die hemelruim beweeg, is die individue wat op die aarde bestaan, alleen, soos weeskinders. Daarom verstaan ons nie ons medemens nie en vind oorloë plaas. Slegs enkele tye in ons bestaan maak ons kontak met ander mense. Die res van die tyd beweeg ons meestal alleen. Vernietigende oorloë word geveg en wrede dade word gepleeg.

Aan die einde van die gedig bestaan daar egter nog die hoop dat ons eendag sal verstaan hoe ons soms so wreed kan wees.

Daar is 'n refrein, tipies van 'n lied, in versreël 10–16, wat byna woordeliks herhaal word in versreël 26–31. Baie voorbeelde van beginrym, alliterasie en assonansie skep 'n vaste reëlmaat sonder dat daar 'n vaste rympatroon is.

**ONDERRIGVRAE OOR DIE GEDIG**

**Met die gedig langs jou, beantwoord die volgende vrae:**

1 Haal TWEE aparte woorde uit die eerste vier versreëls aan wat vir ons sê dat die aarde al baie oud is. (2)

________________________________________

2 Haal TWEE aparte woorde in versreël 5–8 aan wat vir ons sê dat ons deur die tye . . .

2.1 goeie prestasies behaal het. (1)

________________________________________

2.2 seergekry het. (1)

________________________________________

# *Pad na jou hart*

## vir Graad 10 Huistaal en Eerste Addisionele Taal

**Saamgestel deur Alta Engelbrecht**

# Inhoud


**Hoofstuk 1: Hoe om dié studiewerkgids te gebruik** **1**
**Inleiding** **1**
**Benadering tot die bestudering van letterkunde** **1**
**Die struktuur van dié studiewerkgids** **1**
**Agtergrondinligting oor die skrywers** **2**

**Hoofstuk 2: Intrige – vaslegging van die verhaal se verloop** **5**
**Inleiding** **5**
**Wat is die verskil tussen die storie en die intrige?** **5**
**Eksposisie** **7**
**Die motoriese moment** **9**
**Verwikkeling** **10**
Fase 1 11
Fase 2 11
Fase 3 11
**Ontwikkeling** **12**
Fase 1 12
Fase 2 14
Fase 3 17
**Krisis en klimaks** **20**
**Afwikkeling en ontknoping** **21**
**Samevatting** **23**

**Hoofstuk 3: Kontekstuele vrae** **24**
**Inleiding** **24**
**Eksposisiefase** **25**
**Die motoriese moment** **29**
**Verwikkelingsfase** **34**
**Ontwikkelingsfase** **39**

**Hoofstuk 4: Verhaalelemente** **55**
**Inleiding** **55**
**Karakterisering** **55**
Hoe lyk die karakter en wat het dit te doen met sy innerlike karakter? 55
Naamgewing: Hoekom het 'n karakter juis daardie spesifieke naam? 55
Wat sê die karakter en op watter manier? 56
Wat dink die karakter? 56
Wat doen die karakter? 56
Wat sê ander karakters oor hom/haar? 57
Hoe beskryf die verteller die karakter? 57
**Karakterontwikkeling** **57**
Hoofkarakters 58
Newekarakters 58
**Handeling** **59**
Verteller 59
Soorte vertellers in verhale 59
**Fokalisering** **60**
Soorte fokaliserings 60
**Konflik (botsing)** **61**
Konflik of botsing kan op twee maniere plaasvind 62
**Tyd in verhale** **63**

# Inhoud


**Hoofstuk 1: Hoe om dié studiewerkgids te gebruik** 1
**Inleiding** 1
**Benadering tot die bestudering van letterkunde** 1
**Die struktuur van dié studiewerkgids** 1
**Agtergrondinligting oor die skrywers** 2

**Hoofstuk 2: Intrige – vaslegging van die verhaal se verloop** 5
**Inleiding** 5
**Wat is die verskil tussen die storie en die intrige?** 5
**Eksposisie** 7
**Die motoriese moment** 9
**Verwikkeling** 10
Fase 1 11
Fase 2 11
Fase 3 11
**Ontwikkeling** 12
Fase 1 12
Fase 2 14
Fase 3 17
**Krisis en klimaks** 20
**Afwikkeling en ontknoping** 21
**Samevatting** 23

**Hoofstuk 3: Kontekstuele vrae** 24
**Inleiding** 24
**Eksposisiefase** 25
**Die motoriese moment** 29
**Verwikkelingsfase** 34
**Ontwikkelingsfase** 39

**Hoofstuk 4: Verhaalelemente** 55
**Inleiding** 55
**Karakterisering** 55
Hoe lyk die karakter en wat het dit te doen met sy innerlike karakter? 55
Naamgewing: Hoekom het 'n karakter juis daardie spesifieke naam? 55
Wat sê die karakter en op watter manier? 56
Wat dink die karakter? 56
Wat doen die karakter? 56
Wat sê ander karakters oor hom/haar? 57
Hoe beskryf die verteller die karakter? 57
**Karakterontwikkeling** 57
Hoofkarakters 58
Newekarakters 58
**Handeling** 59
Verteller 59
Soorte vertellers in verhale 59
**Fokalisering** 60
Soorte fokaliserings 60
**Konflik (botsing)** 61
Konflik of botsing kan op twee maniere plaasvind 62
**Tyd in verhale** 63

## Leestoets: Hoofstuk 48–56

### Huistaal

Kies een van die volgende woorde om in die oop spasies in te vul:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| emmerskoplysie | draadblommetjie | foto's | spekboompie | nommer | vliegkaartjies |
| sukses gegraveer | intrige | konfronteer | hartkwaal | begraafplaas | noodoperasie |
| gegroei | iemand | sleutels | | | |

Net so naby aan mekaar soos die krisis en die klimaks, is die afwikkeling en die ontknoping. In **hoofstuk 48–56** vind ons hierdie laaste fase in die __________ van hierdie verhaal. Dr. Scholtz verduidelik aan Basson dat Amory aan 'n seldsame _________________ ly en binne die volgende paar dae 'n _____________ moet kry. Daar is geen versekering dat die operasie 'n _________ sal wees nie. Basson se pa het haar in die hospitaal leer ken en onderneem om vir haar operasie te betaal. Dan bel André en hulle ontmoet mekaar by die ______________. Die eerste keer in baie jare praat Basson werklik met sy pa. Hy besef hy het hierdie vermoë eers die afgelope paar dae geleer. Hy onthou ook hoeveel hy van sy ouers se liefde vir mekaar geleer het. Hy sit die _________________ wat hy nog by Lucky gekoop het, op sy ma se graf neer.

Die volgende oggend daag hy, moeg ná die reis, by Vecto Petroleum op. Hy sluit die hekke oop sodat die werkers kan inkom. Die werkers juig hom toe en dit laat hom voel dat hy werklik iets bereik het. Hy besef dat hy ___________ het om die soort mens te wees wat hierdie maatskappy nodig het. Intussen is Amory se ma by haar in die hospitaal. Sy kyk na haar lysie en die blommetjie op haar enkel.

Basson lees die laaste brief wat sy pa vir hom gelos het. Sy pa verduidelik dat hy vir Amory met haar ______________________ leer ken het in die hospitaal en dat hy haar gevra het om vir Basson saam met haar op haar beplande reis te neem. Sy wou nie instem dat hy vir haar operasie betaal nie, maar hy het daarop aangedring. Basson besluit om weer na die DVD te kyk wat sy pa gemaak het. Hierdie keer sit hy dit nie af toe dit klaar is nie en hoor Amory se stem wat sê (bl. 198): "Almal verdien 'n tweede kans, Oom, en ek dink dit is die moiste ding wat enige pa nog vir sy seun gedoen het."

Die volgende dag, nadat hy die kontrak geteken het waarvolgens hy die baas van die maatskappy word, sê André aan hom dat Amory om drie-uur daardie middag geopereer word. Hy besef sonder Amory sal hy steeds soekend bly en besluit om na haar toe te vlieg (en sommer sy vrees vir vlieg te_________________). Die kompas gaan nou oop. Binne is sy ouers se name en troudatum ___________. Hy besef "ware noord" is nie 'n plek of iets anders nie, maar ___________, en sy ma was sy pa se ware noord.

In die hospitaal is daar nog 'n laaste item op Amory se lysie. Sy neem die ballonne wat Dawn en Lennon vir haar gebring het na die dak van die hospitaal en maak haar padkaart en die _______ van Basson daaraan vas. Op haar lysie staan: *8. Laat gaan. 9. LEEF. 10. ?* Sy besef sy sal vir Basson moet laat gaan. Dan storm Basson op die daktuin na haar toe. Hy vra waarom sy nie eerlik met hom was nie. Nadat hy klaar met haar baklei het, word die twee versoen wanneer Basson besef hoe hy voel, asook dat hy eintlik maar net moet sê wat en hoe hy voel. Dan gooi hy al die reëls wat hy voorheen aan homself gestel het, eenkant en sê hy soek haar __________, wil die ________ van sy huis vir haar gee, wil graag hê sy moet sê sy is lief vir hom, en hy het selfs al haar ma ontmoet. Daarmee verklaar hy dus sy liefde aan haar. Hy verander die vraagteken by nommer 10 toe in 'n hartjie.

Tydens die operasie sit hy en Gerda, Amory se ma, gespanne en wag en bid. Die laaste hoofstuk begin waar hulle in sy huis op die bank lê. Op die tafel lê 'n brosjure van Meksiko en _________________. Die _____________ wat sy so vertroetel het, is nou in 'n glasbak en groei mooi. Hy hang die kompas versigtig om haar nek. Hy het sy ware noord gevind.

## Afwikkeling en ontknoping



**Leestoets: Hoofstuk 48–56**

**Eerste Addisionele Taal**

Kies een van die volgende woorde om in die oop spasies in te vul:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| sukses | graf | kans | DVD | hartjie | vlieg | ballonne |
| Basson | Lucky | reëls | Gerda | kompas | Meksiko | |
| hospitaal | glasbak | | | | | |

Net so naby aan mekaar soos die krisis en die klimaks, is die afwikkeling en die ontknoping. In **hoofstuk 48–56** vind ons hierdie laaste fase in die intrige van hierdie verhaal. Dr. Scholtz verduidelik aan Basson dat Amory aan 'n seldsame hartkwaal ly en binne die volgende paar dae 'n noodoperasie moet kry. Daar is geen versekering dat die operasie 'n ________ sal wees nie. Basson se pa het haar in die hospitaal leer ken en onderneem om vir haar operasie te betaal. Dan bel André en hulle ontmoet mekaar by die begraafplaas. Die eerste keer in baie jare praat Basson werklik met sy pa. Hy besef hy het hierdie vermoë eers die afgelope paar dae geleer. Hy onthou ook hoeveel hy van sy ouers se liefde vir mekaar geleer het. Hy sit die draadblommetjie wat hy nog by _________ gekoop het, op sy ma se _______ neer.

Die volgende oggend daag hy, moeg ná die reis, by Vecto Petroleum op. Hy sluit die hekke oop sodat die werkers kan inkom. Die werkers juig hom toe en dit laat hom voel dat hy werklik iets bereik het en hy besef dat hy gegroei het om die soort mens te wees wat hierdie maatskappy nodig het. Intussen is Amory se ma by haar in die hospitaal. Sy kyk na haar lysie en die blommetjie op haar enkel.

Basson lees die laaste brief wat sy pa vir hom gelos het. Sy pa verduidelik dat hy Amory met haar emmerskoplysie leer ken het in die _____________ en haar gevra het om Basson junior saam met haar op haar voorgenome reis te neem. Sy wou nie instem dat hy vir haar operasie betaal nie, maar hy het daarop aangedring. Basson besluit om weer na die _____ te kyk wat sy pa gemaak het. Hierdie keer sit hy dit nie af toe dit klaar is nie en hoor Amory se stem wat sê (bl. 198): "Almal verdien 'n tweede________, oom, en ek dink dit is die mooiste ding wat enige pa nog vir sy seun gedoen het."

Die volgende dag, nadat hy die kontrak geteken waarvolgens hy die baas van die maatskappy word, sê André aan hom dat Amory om drie-uur daardie middag geopereer word. Hy besef sonder Amory sal hy steeds soekend bly en besluit om na haar toe te vlieg (en sommer sy vrees vir _________ te konfronteer). Die ___________ gaan nou oop. Binne is sy ouers se name en troudatum gegraveer. Hy besef "ware noord" is nie 'n plek of iets anders nie, maar iemand, en sy ma was sy pa se ware noord.

In die hospitaal is daar nog 'n laaste item op Amory se lysie. Sy neem die ___________ wat Dawn en Lennon vir haar gebring het na die dak van die hospitaal en maak haar padkaart en die foto's van ____________ daaraan vas. Op haar lysie staan: *8. Laat gaan. 9 . LEEF. 10. ?* Sy besef sy sal vir Basson moet laat gaan. Dan storm Basson op die daktuin na haar toe. Hy vra waarom sy nie eerlik met hom was nie. Nadat hy klaar met haar baklei het, word die twee versoen wanneer Basson besef hoe hy voel en eintlik maar net moet sê wat hy voel, dis al. Dan gooi hy al die __________ wat hy voorheen aan homself gestel het, eenkant en sê hy soek haar nommer, wil die sleutels van sy huis vir haar gee, wil graag hê sy moet sê sy is lief vir hom, en het selfs al haar ma ontmoet. Daarmee verklaar hy dus sy liefde aan haar. Hy verander die vraagteken by nommer 10 toe in 'n __________.

Tydens die operasie sit hy en ___________, Amory se ma, gespanne en wag en bid. Die laaste hoofstuk begin waar hulle in sy huis op die bank lê. Op die tafel lê 'n brosjure van ___________ en vliegkaartjies. Die spekboompie wat sy so vertroetel het, is nou in 'n ___________ en groei mooi. Hy hang die kompas versigtig om haar nek. Hy het sy ware noord gevind.

# Hoofstuk 6: Filmkunde

## Inleiding

Hoe verskil prosa (in hierdie geval ’n reisroman) en drama (in hierdie geval ’n film) van mekaar?

**In hierdie hoofstuk gaan ons die volgende doen:**

- Kortliks die verskille tussen die roman en die film bespreek.
- Die rol van die kamera-as-verteller bespreek.
- Twee tonele uit die film ontleed.
- Simboliek aandui en bespreek.
- Tegniese aspekte van verfilming bespreek soos
  - mise-en-scène (die opstel van die aksie)
  - kamerahoek
  - kamera-afstand
  - kamerabeweging
  - regie.

## Verskille tussen die roman en die film

Gewoonlik word die film na aanleiding van ’n roman gemaak. In Amerika verkoop ’n roman baie goed en dan besluit Hollywood: AAAA! Hiervan kan ons ’n film maak ... In die geval van *Pad na jou hart* was daar eers ’n film en daarna ’n roman. Die film is in 2013 vrygestel. Lees die skrywersnota op bl. 25 om te sien wat die skrywer François Bloemhof hieroor sê. Interessant is die feit dat die twee akteurs die dramateks geskryf het; self in die film die rolle van die twee hoofkarakters vertolk en dat Francois Bloemhof toe die dramateks verwerk het tot ’n roman. Verwerk beteken eintlik van die een genre na ’n ander genre verwerk, net soos wat ’n gedig byvoorbeeld partykeer in ’n lied of ’n liriek ontwikkel.

**Kyk na die rolverdeling van die hoofkarakters in hierdie film:**

**Donnalee Roberts as Amory en Ivan Botha as Basson junior:**



**Marius Weyers as Basson senior:**



## Mise-en-scène

Die Franse term **mise-en-scène** verwys na die rangskikking van die visuele elemente op 'n verhoog of in 'n visuele raam. Die opstelling op 'n verhoog het diepte en is dus driedimensioneel in teenstelling met die plat vlakke van die gefotografeerde raam. Wat ons fisiek in die ruimte sien, speel 'n bepalende rol.

Ons sien byvoorbeeld die **tyd waarin die film afspeel** (is dit modern; histories of hedendaags?).

Ons sien ook die sosiale stand van die karakters, hul finansiële en emosionele omstandighede. So byvoorbeeld sien ons dat Gerda (Amory se ma) in 'n karavaanpark bly en dus nie baie ryk is nie; haar omstandighede word verder ook uitgebeeld as van 'n lae sosio-ekonomiese klas of in elk geval nie tipies van 'n stylvolle binnehuise versiering nie: daar is afdrukke van skilderye teen die mure, ou Tretchikof-prente en die meubels, teekoppies en -ketel getuig ook daarvan dat daar nie geld is om duur, nuwerwetse meubels en breekware te koop nie. Ons sien hul emosionele toestand, byvoorbeeld dat Amory se ma aangerand is (die blou oog waarmee sy rondloop, verklap dit).

Die hoeveelheid ruimte wat aan 'n karakter toegeken word, binne die raam van die kamera, kan ook op die karakter se dramatiese belangrikheid dui, byvoorbeeld wanneer die hartmonitor teen die einde die hele raam vul. Daar is vyf belangrike metaforiese of simboliese **posisies in die raam**. Die wyse waarop objekte en mense binne die raam van die kamera geplaas word, dra 'n spesifieke boodskap oor:

i. **Middel van die raam** – visuele tekens wat in die middel van die raam voorkom, word as die fokuspunt beskou en dra die meeste visuele gewig.

ii. **Bokant van die raam** – tekens aan die bokant van die raam kan op mag, gesag of spiritualiteit dui.

> Wanneer Basson by die graf kom, is daar 'n dowwe skaduwee van André se profiel regs bo in die raam (wat dui op gesag en respek in hierdie geval), terwyl Basson se gesig die meeste visuele gewig kry omdat dit oor sy ouers gaan.

iii. **Onderkant van die raam** – tekens aan die onderkant van die raam word verbind met onderdanigheid, weerloosheid of magteloosheid.

> Basson sit presies in die middel van die raam, met albei sy ouers se grafstene onderaan die raam, links en regs van hom. Hul magteloosheid spreek hieruit (want hulle is dood).

iv. **Sykante van die raam** – tekens aan die sykante van die raam suggereer die onbekende of gevaarlike.

v. **Tekens buite die raam** – tekens buite die raam word met donker, geheimsinnigheid, dood of vrees verbind. Rillers maak dikwels gebruik van die tegniek om die spanning te versterk.

> Toe Basson die laaste keer na die DVD wat sy pa gemaak het, kyk, verskyn Amory se skaduwee aan die sykant van die raam. Telkens wanneer Basson senior met haar praat, (byvoorbeeld: "Was dit *oukei*?"), praat hy eintlik met haar buite die raam.

**Beantwoord nou die volgende vrae oor die opstel van die aksie in die volgende foto's:**



Foto 1

1. Wat gebeur hier?

___

2. Waar vind dit plaas?

___

3. Wat is die gemoedstemming van die karakters?

___

4. Wat is die verhouding tussen die karakters?

___

5. Hoe weet jy dit?

___



Foto 2

1. Wat gebeur hier?

___

2. Waar vind dit plaas?

___

3. Wat is die gemoedstemming van die karakters?

___

4. Wat is die verhouding tussen die karakters?

___

5. Hoe weet jy dit?

___

6. Waarom word juis hierdie kameraskoot gebruik?

___

7. Waarom staan die deur oop?

___

Fiela se kind.indb 2 2016/03/18 2:05 PM

***Nog titels in die Best Books Studiewerkgids-reeks*:**
*Verskuns* vir Graad 10 HT
*The Lighthouse Keeper's Wife* for Grade 10 HT
*Vers en vlam* vir Graad 10 EAT
*The Mark* for Grade 10 FAL
*Drooomdelwers* vir Graad 11 HT
*Dreaming of Light* for Grade 10 FAL
*Die laaste karretjiegraf* vir Graad 11 EAT
*Vistas of Poems* for Grade 11 FAL
*Poems of all over* for Grade 11 HL
*Tsotsi* for Grade 11 HL
*Vuvuzela* vir Graad 11 TAT
*Lien se lankstaanskoene* vir Graad 12 EAT
*Verskuns* vir Graad 12 EAT
*My Children! My Africa!* for Grade 12 FAL

Hierdie spesiale uitgawe is 'n samevoeging van uittreksels uit die Best Books Studiewerkgids-reeks
Gedruk vir gebruik in werkswinkels in 2016 deur Best Books,
'n druknaam van NB-Uitgewers,
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
Tel: (021) 406 3033
www.bestbooks.co.za

© 2016 NB-Uitgewers 'n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.
Alle regte voorbehou.

Omslagontwerp deur Purple Pocket Solutions

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die Uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.